

NAHUM**'n 'KLEIN' PROFEET OOR DIE 'GROOT' WêRELDPOLITIEK**

1 : 1

Die profeet Nahum is onder ons glad nie juis bekend nie, sy naam klink egter nogal nie sleg nie as ons vinnig die name van die Bybelboeke opsê . Tog het hy 'n baie mooi naam want dit beteken iets soos 'troosryk' en dit is wat die oorspronklike lesers bitter nodig gehad het.

In teologiese kringe word Nahum ook nie juis as van veel belang beskou nie en is hy eintlik die grootste probleemkind onder die profete in die oë van veral Skrifkritiese teoloë. Hulle beskou hom as 'n voorloper van die valse profete wat teenoor Jeremia gestaan het. Veral omdat hy dan kwansuis 'n erge nasionalistiese streep gehad het - en dit is natuurlik 'n doodsonde in 'n tyd van menseregte en globalisering - want hierdie profeet jubel en juig dan oor die toekomstige ondergang van die Assiriese Ryk met al die bloedstollende ellende wat daarmee gepaard gaan...pleks van om soos omtrent al sy profete-kollega's te ly oor die sondes van sy eie volk en om daarvoor die sweep in te lê.

In die behandeling van hierdie Bybelboekie sal ons sien dat dit 'n totale mistekening is en ek sê dit nie omdat ek uit myself nooit 'politiek-korrek' kan wees nie maar omdat ons saam biddend deur die profeet se profesie wil kruip.

Nahum het rondom die jaar 650 voor Christus geleef waarskynlik tydens die regering van die goddelose koning Manasse. En nou moet ek alweer die begrip 'waarskynlik' gebruik, waarskynlik in Assirië gewoon as een van die ballinge wat deur die wrede oorwinnaars uit die Noordelike Tienstamme Ryk weggevoer was. Waarskynlik moet ons hierdie Bybelboek sien as 'n brief wat hy na die geloofsgenote in Juda gestuur het. Al hierdie 'waarskynlikhede' is omdat ons nie presies weet nie uit die besonderhede wat oor Nahum in die eerste vers staan nie. Ek het 'n keuse gemaak uit baie moontlikhede maar per slot van rekening maak dit hoegenaamd geen verskil aan ons saligheid nie en ook nie aan die betroubaarheid van die Heilige Skrif nie - dit gee ons net 'n manier om die boek binne die regte geskiedkundige omstandighede te plaas en om minder belangrike uitsprake in die profesie makliker te verstaan.

Die tema van die profesie, waaroor dit dus werklik gaan, is dat die verarmde en vernederde kerkvolk deur die profeet in opdrag van God getroos word. Al sien die gelowiges met hulle eie betraande bloedbelope oë die brute mag van die onderdrukker en lyk Assirië almagtig laat God weet dat Hy as die Almagtige en

getroue Verbondsgod magtiger en trouer is as watter aardse mag ook al. Daar is geen sprake van dat Nahum uit sy eie nasionalistiese gevoelens die wrede vyand van sy volk as God se vyand teken nie, hy wys dan duidelik daarop dat God hierdie heidense volk gebruik het om die kerkvolk te straf weens sy eie sondes 1:12 en Jes 10:5.

Nahum het minstens 'n eeu na Jona geleef. Jona wat as onwillige profeet van die HERE God die inwoners van Nineve tot bekering opgeroep het. Die hele volk het hulle toe bekeer maar dit was maar kortstondig. Omdat daar geen daaglikse bekering op gevolg het nie het die HERE 'n profesie vir Nahum gegee oor die oordeel van die HERE wat nou wel sal kom.

Nahum is een van die groep profete wat ons die 'klein profete' noem. Maar hierdie gelowige moet nou met geloofsoë na die nuus-van-die-dag kyk en dan verlig God sy oë sodat hierdie so 'klein' profeet duidelik sien wat in die 'groot' wêreld en wêreldpolitiek aangaan. Die geskiedenis word nie in Nineve of watter bolwerk van wêreldmag ook al gemaak nie maar die geskiedenis word deur God gemaak - hoe snaaks en hoe stadig dit ook al vir ons gevoel mag gaan. Dit het gelyk asof die profesieë van Jesaja teen Assirië totaal verkeerd was want hierdie wrede heidense volk het van krag tot krag gegaan en oorwinning op oorwinning behaal en selfs die magtige Egipte op sy knieë gedwing. Nahum se roeping was nou om daarop te wys dat God se meule werklik soms angswekkend stadig maal maar beslis wel seker. Die vervulling van profesie kan baie stadiums deurloop maar dit bly op pad na die deur God bepaalde en beplande doel. Nahum se belangrikheid lê ook daarin dat Assirië die beeld was van die wêreldmag wat Godvyandig is en daarmee wys na die Godvyandige Antichris. Soos die ander profete wys Nahum nie net op die teenstelling tussen die wêreldryk en die Godsryk nie maar veral op die uiteindelijke oorwinning van die Godsryk tot verheerliking van God en tot troos van die vervolgte Godsvolk wat in Christus uitverkies is tot die ewige lewe.

So bly daar dus ook vir ons nog aktualiteit in die onbekende boek van God se profeet Nahum en is daar selfs lyne wat deurgetrek word na die laaste Bybelboek toe, die Openbaring van Jesus Christus deur Johannes.

Soos in baie van die profetiese boeke begin Nahum sy profesie ook met as opskrif 'n Godsspraak', in die Nuwe Vertaling word dit nie so genoem nie maar 'n uitspraak'. Eintlik is die betrokke woord afgelei van 'n woord wat 'ophef' beteken wat dan in verband gebring word met 'die stem ophef' dus dan beteken 'spreek' en dan word dit in verband gebring met die feit dat God in die profesie spreek en so kom ons by die uitdrukking 'Godsspraak'. Ek spel dit nou maar 'n bietjie uit om u

iets van 'n idee te gee van probleme met vertaling en die verskille tussen vertalings - dit maak dit soveel makliker vir vertalers om hulle eie menings en dogma wat deur die tydsgees beïnvloed is in die vertaling te laat inglip. Daarom is dit altyd goed om in Bybelstudie verskillende vertalings te lees. Hier geld ook altyd weer die goue reël dat die Skrif met die Skrif vergelyk moet word. Met ander woorde as ons iets in die Skrif lees wat ons nie mooi verstaan of kan verklaar nie dan moet ons allereers kyk wat oor dieselfde saak op ander plekke in die Heilige Skrif geskryf is, die verskillende dele dan met mekaar vergelyk en dan eers kan ons 'n gevolgtrekking maak. As ons dan nog nie 'n goeie oplossing kry nie dan is ons daarmee tevrede dat God dit nie nodig gevind het om ons volkome duidelikheid oor die betrokke saak te gee nie. Punt uit. Die groot genade is egter dat nie een van hierdie sake 'n greintjie verskil aan ons saligheid maak nie. Alles wat ons nodig het vir ons saligheid is volkome en volkome duidelik in die Woord geopenbaar.

Nou kan u nog vra waarom ek nou so hieroor uitbrei. Om die heel eenvoudige rede dat ons in 'n geestelike klimaat leef waarin dit nie baie populêr is om 'n eenvoudige geloof te hê nie. As u in 'n sogenoemde 'christelike' boekwinkel inloop dan sal dit u onmiddellik opval dat die 'blitsverkoperboeke' juis oor godsdienstige sake handel waaroor u in die Woordverkondiging in die kerkverband waarin die HERE u geplaas het, nie juis iets hoor nie. Is dit nie 'n bewys van ons so vervloekte tradisionalisme en eensydigheid en verstarheid nie ? 'n Duidelike bewys daarvan dat die sektes juis reg is met hulle beskuldigings dat die Gees lankal by die kerkdeure van die tradisionele 'hoofstroom'kerke uitgevlug het nie ? Ag wel, die vraag is watter 'gees' by deure en vensters uitgevlieg het. Beslis die 'gees' van populêr probeer wees. Die tydsgees van sensasionalisme en massale opwekking van gevoel en emosie, die tydsgees van die soek teen alle koste van getalle en natuurlik van die insamel van die 'tiendes'.

Natuurlik kan ons soms jaloers wees op die massale aantrekkingskrag van die sektes met hulle hoëdruk Amerikaanse verkoopsmetodes en advertensieveldtogte - per slot van rekening kom die vloedgolf charismatiese sektes en adventistiese sektes almal van Amerikaanse bodem. Dis lekker om vol kerkgeboue te hê en om in geld te kan rol - maar 'lekker' is nog glad nie altyd 'reg' nie. Die kernvraag bly of die Woord suiwer verkondig word - daarsonder word enige 'kerk' 'n valse kerk - dis die begin en die end van alles.

Waaroor handel die 'blitsverkoperboeke' en die tema's wat deur die charismatiese en adventistiese groepe dan so kwistig behandel word ? In ons tyd is die sogenaamde 'eindtyd' geweldig populêr - nogal logies want die naam 'adventistiese' groepe wys dan al klaar daarop dat dit gaan oor die 'advent' die wederkoms van die

Here Jesus. Die probleem waarmee u predikant egter sit is dat hele reekse boeke deur die adventiste daarvoor geskryf word maar dat die Heilige Skrif self bitter-bitter min daarvoor openbaar , om maar net een voorbeeldjie te gee: die hele sensasiewekkende 'leer' oor die sogenaamde 'wegrapping' word op een Bybelteks gebaseer en dan is daardie teks ook nog verkeerd verklaar. Dieselfde geld van verskillende dele in die profesieë. In my handleiding vir die Bybelstudie by die Boek van die profeet Daniël het ek dit al uitgespel dat ek 'n baie duidelike 'stopbord' sien by die sogenaamde 'onvervulde profesieë' en daardie stopteken eerbiedig. Het die heilige apostel Paulus ons dan nie uitdruklik gesê dat ons soms nog soos in 'n spieël in raaisels kyk maar eendag sal alles vir ons duidelik word. Die heilige apostel Petrus het selfs gesê dat broeder Paulus se uitsprake vir hom soms maar moeilik en nie so lekker verstaanbaar is nie - mensig ek is nog nie eers 'n leerjonge van Petrus nie, hoe in vredesnaam kan ek my dan as alwetend aanstel.

In teenstelling met die sektes en die moderne neiging van ' alles moet verklaar word en verklaarbaar wees' bely die Calvinisme in art 13 van die eeueoue Nederlandse Geloofsbelydenis : ' Ons wil ook nie verder as wat ons kan verstaan, nuuskierig ondersoek instel nie na dié dinge wat God bo die vermoë van die menslike verstand doen nie, intendeel, ons eerbiedig juis in alle nederigheid en in aanbidding die regverdige oordele van God wat vir ons verborge is. Ons is tevrede daarmee dat ons leerlinge van Christus is om slegs te leer ken wat Hy aan ons in Sy Woord openbaar, sonder om die grense daarvan te oorskry.'

Die sektes **vergelyk** nie Skrif met Skrif nie maar **versnipper** die Heilige Skrif en plak dan die stukkies wat in hulle smaak pas aanmekaar en dien dit dan op as die volle evangelie. Maar die Bybel is geen legkaart nie, dit is nie 'n raaiselboek waarmee ons na hartelus mag speel om legkaartstukkies na eie smaak inmekaar te forseer nie. Soos alle modes verander modes in die teologie ook gedurig en moet die sektes ook maar gedurig nuwe 'ontdekkings' doen om die mense se belangstelling te hou - dit is armoedig - maar ons is ryk met die volle rykdom van die Heilige Skrif waarvan die kern is soos ons dit elke Sondag saam bely met die uitspraak van die Apostoliese Geloofsbelydenis. Daarin kom die heerlike wederkoms van ons Here Jesus Christus ook ter sprake **maar** in die regte verhouding met die **ander elf** artikels van ons kosbare christelike geloof. Die gereformeerde leer is 'n leer van balans omdat dit net en alleen gebaseer is, gebou is op die fondasie van die Heilige Skrif. Elke artikel van die drie formuliere van eenheid van die gereformeerde leer is gebou op die Skrif en nie op my sondige gevoel nie. Hoe ouer ek word hoe ryker voel ek met die besit van die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls. En laat

ons goed onthou dat dit nie 'n tweede Bybel by die Bybel is nie maar dat ons nog altyd openlik erken dat dit volstrek ondergeskik aan die Bybel is. Tog het in die honderde jare wat die belydenisgeskifte gesag dra daar nog nooit iemand gekom wat op 'n wesentlike fout daarin kon wys nie.

Interessant dat die woord wat van 'ophef' afgelei is, as dit uit die oorspronklike in ons taal oorgeskryf dus getranskribeer word, dan die woord 'massa' is en dit kan vertaal word met ' 'n las ' (in Engels a burden) - die openbaring wat Nahum dus as 'n Goddelike 'las' ontvang - Calvyn vertaal dit so. Nahum het dus 'n las van God ontvang wat hy as die geopenbaarde Goddelike waarheid op die skouers van sy lesers moet plaas sodat hulle in hulle hart en gewete daardeur gebind is. Nahum het dit as 'n visioen ontvang, in die ou vertaling lees ons dan ook 'die gesig' van Nahum. Vir die profete was dit nie snaaks of teenstrydig om 'n **Woord**openbaring met die geestelike oog te sien nie. Die profetiese gesig of visioen het altyd met 'n Woordverkondiging gepaard gegaan. Sonder die inwerking van die profeet se eie gedagtes en gees en wil werk die Heilige Gees op 'n Goddelike manier deur en in die profeet om die Goddelike boodskap bekend te maak. Daarmee bots ons alweer met die meeste moderne Bybelverklaarders en TV-programme van byvoorbeeld National Geographic oor 'Israel in die profesie' wat profete sien as maatskaplike aktiviste, al het ek nog nie gelees of gehoor dat hulle ook uit hartelus getoi-toi het nie.

Ons moet ook onthou dat die woorde wat die profeet self sê in sy regstreekse ontmoeting met die Allerheiligste God deur God deel van die Godspraak gemaak word. In Nahum kry ons dit nie maar by van die ander profete soos Habakuk wat hartroerend kla oor die volkssondes wat dan ook die kerksondes is.

Die Godspraak in Nahum is spesifiek teen die magtige wondermooi Nineve gerig - in my werkie en reeks preke oor Jona het ek die prag van die so'n 664 hektaar groot stad al beskryf asook die godsdienstigheid wat sy duisend of so heiligdomme uitgestraal het - ek doen dit nie nou weer nie.

Nahum ontvang dus 'n gesig of visioen wat van 'n droom daarin verskil dat die profeet wakker was toe hy dit van God ontvang het. Ons kan dit so onder woorde probeer bring dat die 'siel' beelde 'sien' en ook woorde 'hoor'. Die kenmerk van ware profesie is ook dat die profeet openlik verkondig wat God aan hom of haar geopenbaar het.

'n Profeet word dus 'n ware profeet as daar iets besonders met hom of haar gebeur het naamlik 'n persoonlike en direkte kontak of gemeenskap met God ; dus as hy of sy eers iets van God ontvang het : 'n woord, 'n opdrag, 'n openbaring. Die kernsaak

is dat die ware profeet sê : so sê die HERE terwyl die valse profeet sy eie menig verkondig, op sy eie stokperdjie klim en dan ook dikwels die heuningkwas inlê. Om te profeteer is dikwels onmenslik harde werk wat die boodskapper van God liggaamlik doodsiek kan laat word soos ons al by Daniël gesien het.

Hoe moeilik dit ook al vir die profeet was om die Goddelike boodskap te ontvang en te verwerk en dit te verkondig - nooit het een van hulle aan die werklikheid van daardie besondere openbaring getwyfel nie. Hulle het ook baie goed geweet wanneer die HERE gespreek het en wanneer dit nie die geval was nie. Daarom kon hulle selfs soms met die Allerheiligste God stry oor die inhoud van die openbaring.

Ons Here Jesus Christus is ' die hoogste Profeet en Leraar wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het' bely ons in antwoord 31 van ons Heidelbergse Kategismus. Hy is die vervulling van die Wet maar ook van die profete en alle profesie want alleen Hy het op volmaakte manier gespreek oor dit wat op absoluut volkome manier aan Hom geopenbaar is. Daaroor lees ons in Joh 1 : 18 'niemand het God ooit gesien nie, die eniggebore Seun wat uit die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar'. En in Joh 15 : 15 lees ons : ' maar Ek het julle vriende genoem, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het'.

Nou word ons 'christene ' genoem omdat soos u en ek bely : 'ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel aan Sy salwing het sodat ek Sy Naam kan bely...H.K. antw 32

Elke gelowige beklee in Christus die amp van profeet en u roeping bestaan daarin dat u sal **bely** alles wat Christus in Sy Naam vir ons **meegedeel** het , **geopen-baar** het, terwyl ons **weet** dat daar onder die hemel en al die sterregewemel geen ander Naam vir die mense gegee is waardeur ons gered kan word nie Hand 4 : 12.

Die groot vraag wat nou trompop op u en my afgestorm kom is of ons ook praat oor alles wat God in Sy Woord en deur Sy Gees en op grond van die soenverdienste van Jesus Christus vir ons meegedeel het ? Dit is tog per slot van rekening ons werklike profetiese roeping.

Nahum 1 : 2 - 8

Een van die irritasies van kyk na die TV is advertensies wat tot vervelens toe

herhaal word. 'n Dominee loop gevaar om netso irriterend te raak deur gedurig in herhaling te verval, al is een voordeel dat hy dit wel besef en die ander voordeel dat dit dan wel makliker deur die hoorders onthou word. Nou, ja, wat wil ek nou alweer herhaal ? Alweer die probleme met die sogenaamde Nuwe Bybelver-taling. Ons teksverse begin in die Ou Vertaling met : "n Jaloerse God en 'n Wreker is die HERE'. Omdat die woord 'jaloers' in die populêre spraakgebruik 'n bepaalde ongunstige betekenis gekry het word dit in die NV verander na 'n verduidelikende omskrywing : " die Here is 'n God wat baie begaan is oor sy volk, 'n God wat Hom wreck'. Natuurlik is dit in die lig van die res van die Heilige Skrif die waarheid maar dis nie wat Nahum in opdrag van die Heilige Gees geskryf het nie. Waarom mag bv. sport sy eie taal hê en word algemeen gepraat van 'politieke of diplomatieke taal ' wat beteken dat jy dit in vredesnaam nie moet vertolk soos wat 'n normale mens dit sou verstaan nie - maar die Bybelse taal of soos dit deur ons voorvaders 'die tale Kanaäns' genoem is moet aangepas word aan die moderne mens, sodat soos hier die geval is, van die skerp kante van hoe en wat God werklik is versag word.

Juis in ons teksverse moes daar nader by die oorspronklike gebly wees want dit is net hier een van die twee kere in die hele Bybel dat die volle vorm van die woord jaloers ten opsigte van God gebruik word, juis om dit te beklemtoon. Die ander keer was in Josua se afskeidspreek toe die stokou rigter gesê het dat die uitverkore volk die HERE nie kan dien nie want Hy is 'n heilige God, Hy is 'n jaloerse God ; Hy sal julle oortreding en julle sondes nie vergewe nie 24:19. Om verouderde woorde te vertaal in meer bekende woorde is uitstekend maar om hele begrippe in te voeg vir duidelikheid vervang vertaling deur verklaring en dit kan so maklik deur die tydsgees aangesteek word.

God is 'n jaloerse God - so het ons dit ook altyd elke Sondagoggend in die Wetslesing gehoor. Hy is uiters jaloers op Sy eer, Sy heilige Naam ek sou selfs so ver wil gaan om te sê dat Hy fanaties jaloers op Sy eer is. Dit gaan oor eienskappe van God soos Hy Homself ge-openbaar het. Een van daardie eienskappe is dat Hy dit hoegenaamd nie kan verdra dat die eer wat Hom toekom aan niks werd afgode gegee word nie (vgl Jes 42:8 , Deut 4:24 , 5:9, 6:14 , Eks 20 , 34:14). Ons praat soms van Selote as fanatici, 'n benaming wat veral in Engels gevind word en wat afgelei is van die tekswoord. 'n Ander woord wat in die plek van 'jaloers' gebruik kan word is 'na-ywerig ' of 'ywerig' . God beywer Hom dan in belang van Sy eer maar hy beywer Hom ook teen elkeen wat Hom te na kom .

Ons troue Verbondsgod kan hoegenaamd geen afgodery verdra nie en dan bely ons in die Heid Kat dat afgodery is om in die plek van die enige ware God Wat Hom in

Sy Woord geopenbaar het, of naas Hom, iets anders te versin of te hê, waarop die mens sy vertrouwe stel' antw 95

Ons leef in 'n tyd waarin louheid die botoon voer tenminste solank ons praat oor godsdiens en godsdienstige beleving.

Maar moet nou nie dink dat dit iets nuut is in die Kerk nie - dit was nog maar alle eeue deur by uitstek 'n kerksonde. Dis nie verniet nie dat dit nogal spesifiek in die Nagmaalsformulier genoem word. Daarom is dit baie goed om juis in ons tyd waarin so modern-gemaklik en modern-slordig oor die HERE en Christus gepraat word, 'n bietjie stil te staan by daardie wesenskenmerke van die Almagtige wat die teenoorgestelde van die 'liewe Jesus' en 'vrede-vrede'-teologie is.

Opvallend dat hierdie so dreigende uitsprake juis staan in 'n taalkundig baie mooi gedeelte. Die digter-profeet begin deur vs 2-8 in alfabetiese volgorde te skryf maar kom net tot die helfte van die Hebreeuse alfabet.

Indrukwekkend spel die profeet die majesteit van die Heerser- oor- alles uit - dit kom selfs naby die grootsheid van God se Selfopenbaring teenoor Moses op die berg Eks 34:6,7. Nahum beskryf die koninklikheid en onvergelykbare wese van die Verbondsgod van Israel Jes 40:18,25; Rom 11:33. Selde is die absolute verband van die Goddelike eienskappe so sterk beklemtoon soos deur hierdie 'klein' profeet. Aan die een kant word die vuurwarmwraak van die woedende God so uitgespel dat dit onmoontlik lyk asof hierdie toornige God ooit dieselfde God van genade en barmhartigheid is - en tog word dit nou juis weer later uitgespel. Dit is en bly dieselfde God, die onveranderlike troue Verbondsgod, die EK IS Eks 3:14 wie se wraak netso grenseloos is as Sy genade, wie se barmhartige ontferming netso diep is as Sy woede. En nou moet ons maar onthou dat hierdie profesie nie net vir Nineve bedoel was nie maar ook vir die Kerk van daardie tyd en vandag want Juda word ook duidelik ge-adresseer .

Die God wat 'n jaloerse God is is ook die wrekende God. Dit is, alweer volgens die woordgebruik, 'n eienskap van God om 'n Wreker te wees . Dit is nie 'n plotselinge opwelling nie maar juis eie aan God om Hom spesifiek op sy vyande te wreek as hoogste Eienaar van verterende vuur. Die HERE is volmaak en so is Sy woedende toorn, daar is eenvoudig niks wat selfs daar naby kan kom nie. In een vers word driemaal betuig dat die HERE die God van wraak is - sterker kan dit seker nie uitgespel word nie.

Om egter alle moontlikheid van misvatting te voorkom wys vs 3 op 'n ander eienskap van hierdie HERE onse God : die HERE is lankmoedig. Lankmoedig - dit beteken dat die HERE stadig is om kwaad te word, dit neem lank vir Hom om woedend te word. Ons sien dit al van die eerste mensekinders se bestaan af - Hy

het die aardmense, die mense wat uit die aarde gemaak is nie met die sondeval in die ewige verderf gegooi nie maar tot vandag toe kan ons bestaan. Lankmoedig maar daar volg nie 'n punt nie maar die so bekende MAAR... die HERE is lankmoedig MAAR groot van krag. Skyn bedrieg - die lankmoedigheid is geen slapheid nie. Die feit dat Hy nie altyd onmiddellik optree by sonde nie is geen bewys van swakheid nie maar sy genade - daardie moontlikheid wat Hy gee van die 'miskien' .. miskien kom daar bekering, miskien sal die Here die straf laat verbygaan.

Dit was ook troos vir die lesers van die profesie want hulle sit diep in die ellende en God se meulens maal skynbaar glad nie want die lankmoedigheid van die HERE hang al by die gelowiges se kele uit. Maar die profeet mag dit uitroep dat die vyande hulle straf sal kry, God se meulens werk tog wel al is dit in ons oë afgryslik stadig - maar as dit oor ons eie sondes gaan dan kan dit tog nie stadig genoeg gaan nie. Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God Hebr 10:31 wat 'n verterende vuur is Hebr 12:29. En hierdie laaste twee verse kom nou nie uit die Ou Testament wat dan kwansuis God as die bloeddorstige tiran sou teken teenoor die soetlik-liewe god van die NT nie. Hierdie bedreigings kom uit die Nuwe Testament wat volgens baie christelike groepe die God = Liefde uitjubel. Natuurlik jubel ons dit ook uit maar daar kom nog so'n bietjie by : God = Liefde vir hulle wat Hom gehoorsaam liefhet MAAR 'n God van gloeiende wraak teenoor elkeen wat teen Hom ingaan.

Die eensydige God=liefde teorie val plat wanneer rampe my tref. Hoe in vredesnaam kon ek ouers troos wat met daardie soetstoriëtjie grootgemaak is en toe by die doodsbed van hulle kleuter moes staan ? Hulle verwerp en vervloek daardie god. Goed, ek kon hulle optrede nie werklik selfs 'n bietjie verstaan nie - al hou jy rekening met 'n geweldige skok dan kan iemand wat wel 'n band met God gehad het tog nie tot 'n vervloeking kom nie. In derglike situasies is dit so'n rykdom om die Apostoliese Geloofsbelydenis byvoorbeeld op te kan sê - daarin lê tog die troos en sekerheid en hoop wat ek dan so nodig het. In daardie dae bied die geloofsbelydenisse soos die Heidelberger juis so baie vastigheid want dit gee tog in 'n neutedop wat die Heilige Skrif ons gee. Die Sondae oor die voorsienigheid van God, oor die strafeisende geregtigheid van God waaraan deur my Saligmaker Jesus Christus voldoen is, oor die opstanding van hierdie selfde vlees van my en my geliefdes. Juis in die Nagmaalsformulier wat deur die Gereformeerde Kerke gebruik word, word dit ook alles weer aangeraak onder andere die volmaaktheid van God wat eis dat aan Sy geregtigheid voldoen moet word, daar moet betaal word vir die skuld wat die mensekinders op hulle gelaai het. Die regverdigheid van

God eis dit dat betaal moet word en eerder as om dit ongestraf te laat bly het Hy Sy toorn laat blus deur die betaling te eis van Sy liewe Seun Jesus Christus met die straf van die bitter en smadelike dood aan die kruis.

In die eerste verse van sy profesie laat die Heilige Gees deur Nahum hoor dat ons HERE Here die Regeerder van die hele geskape werklikheid is, die hele natuur is aan Hom onderwerp en so ook die mense wat die aarde bevolk. Hy het die alleenmag om die natuur ook te gebruik as Sy middel om straf uit te deel. Rukwinde en storms en die wolke wat alles kan wegvee, die see en die riviere wat opdroog, die planteryk wat verdor, die berge en die rotse wat wankel deur aardbewings en wegs melt in vurige lawa - Hy kan alles inspan om Sy planne van massavernietiging uit te voer.

Wat is die mens dan teenoor Hom ?

Die HERE is lankmoedig maar groot van krag in die openbaring van Sy wrekende geregtigheid.

Ons moet hierdie waarheid baie stewig vashou om ons weer te laat verstaan wat die Heilige Skrif ons leer in verband met die ware vrees van die HERE. Daaraan het ons juis vandag 'n brandende behoefte - wat is ons antwoord op die Selfopenbaring van ons God, 'n antwoord nie net met ons mond nie maar ook met ons hele lewe - is dit 'n danbaarheidsoffer aan God en so'n seën vir ons medeskepsels ?

Die vrese van die HERE het ook verskillende kante. Daar is die brandende begeerte van gemeenskap met die HERE, daardie warm gevoel van 'n hartlike kinderlike vertoue en die volledige erkenning dat ek sonder die HERE nie kan bestaan nie. Aan die ander kant die diepe besef van my kleinheid met die geweldige afstand tussen God en my, klein mensie wat in sonde ontvang en gebore is en slegs geneig is tot alle kwaad.

Ons moet Nahum ook in die omraming van sy tyd bly sien. In die Ou Testament het die afstandsgevoel baie sterk geleef. In die Ou Testament het God Hom veral geopenbaar in Sy majesteit, heerlikheid en heiligheid. Dit vra van die mens dan eerbied, eerbiedigheid in die verhouding met God en dit wat Hy geskep het - mens, dier en plant.

Daarby kom ook die kernverskil tussen die gelowiges en afgodsdienaars in die Ou Testamentiese tyd. Angsgevoelens is daar altyd in die sterflike mens wat so klein is en skynbaar 'n speelbal van die natuurmagte en lewensonsekerhede wat deur die 'Noodlot', die 'Fatum' beheers word. Alle ongeloofs'vroomheid' word oorheers deur vrees wat dan oorbrug moet word deur die beswering van bese magte en die gebruik van allerlei magiese afweermiddels soos selfs vandag te kry by Sangoma's wat die redders van die Afrikarenaissance moet wees. Deur die gebruik van allerlei

toormiddels het die vrees die afgodsdienaars nie tot in hulle diepste wese aangetas nie. Maar vir die gelowige Israeliet was dit anders. Sy vrees was nie verdeel tussen 'n magdom verskillende dinge nie maar alles toegespits op die HERE Here wie die Enigste was wat oor lewe en dood en alles daartussen in beslis het. Met Hom was elkeen altyd in sy naakte bestaan gekonfronteer.

Die direkte en ernstige vraag waarop elkeen van ons 'n antwoord sal moet gee is of ons nie besig is om as gelowiges ons ook maar met allerlei 'afweermiddels' teen die Here te verskans nie en dat dit die rede is waarom ons as moderne mense tog so penregop teenoor die Here durf te staan nie en waarom daar by ons so 'n gebrek is aan die ware 'vrees van die Here' ?

Wat is hierdie Bybelse uitdrukking 'die vrees van die Here' wat in die NV nie meer gebruik word nie ? Dit is in kort dieselfde as die dien van die HERE, om op Sy paaie te loop, om Sy gebooie te onderhou, die slegte te vermy en lus te wees om die regte ding te doen. Om vol eerbied en vertrouwe met die Here om te gaan maar ook, en ons sien dit o.a. veral in Levitikus, om die regte gelowige houding teenoor die naaste uit te leef.

Veral in die Nuwe Testament sien ons dat die 'vrees van die Here' saamgaan met blydskap in die Here. Waar blydskap is word ons bewaar teen angs en waar gelowige vrees is word ons bewaar teen leë wêreldse vreugde. Dis wonderlik as van 'n gemeente van Christus gesê kan word wat ons lees in Hand 9:31 : 'En die gemeentes deur die hele Judea en Galilea en Samaria het vrede gehad ; en terwyl hulle opgebou is en gewandel het in die vrees van die Here en die vertroosting van die Heilige Gees, het hulle vermeerder.'

Laat ons in die vrees van die Here wandel om te mag ondervind wat Nahum in vers 7 sê : 'Die HERE is goed , 'n toevlug in die dag van benoudheid, en Hy ken die wat by Hom skuil'.

Nahum 1 : 7

' Die HERE is goed;
'n toevlug in die dag van benoudheid,
en Hy ken dié wat by Hom skuil.'

Die God van vuurspuwende wraak is ook die troue Verbondsgod wie se eienskap is om absoluut goed te wees, om in die algemeen vriendelik gesind te wees en propvol ontferming.

Maar laat ons maar mooi lees wat daar staan. Daar staan NIE die HERE is goed

(punt)! Maar : die HERE is goed (komma) ! en dan volg daarop dat Sy goedheid geld vir daardie mense wat alles van Hom verwag in bitter moeilike dae en nagte .. Sy kinders, beproef, vervolg, geminag, bespot, uitgelag ... hulle wat skuilplek by die HERE soek .

Dis hulle wat deur die HERE ge-**ken** word. Hierdie **ken** van die gelowiges deur die HERE is iets besonder. As iemand u vra of u so-en-so 'ken' dan word in die algemeen niks meer gevra as of u enige kennis, oppervlakkige kennis, van daardie persoon het of hy of sy 'aan u bekend' is. Soos onmiddellik ook uit u antwoord sal blyk : ' ja, ons het al met mekaar gepraat, of ons groet mekaar of ja, ek dink hy/sy woon daar en daar. Die **ken** in **die** Heilige Skrif en dan veral in die Ou Testament gaan onnoemlik dieper en verder. Dit sluit die verstand se 'kennis' natuurlik in maar kom baie sterker uit in die 'ken - met - die - hart', die ken- in -gemeenskap, die ken-in-saamwees en saamvoel en saamwandel, die uitgekies wees, die hele warm -ryk-verhouding van liefde.

Wanneer God die mensekind in die kille oordeelsstormnag 'ken' dan neem Hy die bewende kind in Sy bewarende uitverkiesingsliefde. God het ons só 'geken' in Christus Jesus wat deur God nie meer geken was nie toe HY die straf wat ons oor ons gehaal het op Hom geneem het. Christus het vir ons 'n skuilplek teen die siedende storms opgerig om ons dit te bespaar.

Hierdie God wat ons so 'ken' en ons verder ook so intiem ken roep ons na Sy nagmaalstafel om daar die sekerheid van ons redding ook met hand en mond te **voel** by die hoor daarvan. Juis aan Sy tafel leer ons Hom ook al hoe beter 'ken'.

Nahum 1 : 7 - 9

Die beskermende goedheid van die HERE Here kan ons aan Sy tafel beleef . Uit die mond van die profeet kon Juda ook hoor dat sy op haar God kon bou en vertrou want Hy besit alle mag in hemel en op aarde en is in nood 'n God wat sorgdra vir Sy kinders omdat Hy die vyande verslaan.

Die profeet het gejubel oor die goedheid van die HERE maar wys onmiddellik daarop dat dit niks daaraan verander dat die ander eienskap van die HERE juis Sy wrekende geregtigheid teen die vyande van Hom en Sy kinders is.

In hierdie profesie teen Nineve en vir die kerkvolk laat die Gees van profesie hoor dat Nineve deur 'n watervloed sy einde sal vind. Dit moes seker baie snaaks geklink het vir die oorspronklike lesers en hoorders - 'n watervloed en dit in 'n woestyng gebied... tipies simboliese profetiese taal. En dan lees ons in die geskiedenisboeke dat in die derde jaar van die beleg van Nineve daar verskillende

swaar reënbuie geval het sodat die Tigrisrivier 'n deel van die pragtige oninneembare stad oorstrom het en die gevolg was dat 'n driekilometer lang stuk van die stadsmuur inmekaargestort het sodat die vyand die stad kon inneem en totaal vernietig. Eers in die 19de eeu is die plek van Nineve weer gevind en tot vandag toe nog nie eers heeltemal onder die woestynsand uit opgegrawe nie. Die Here sê deur Sy profeet ' Hy maak 'n einde aan haar plek en Sy vyande vervolg Hy die duisternis in'. Die **duisternis** wat in die Heilige Skrif die dood en die ewige ondergang beteken. Die Here het Nineve deur haar vyande van die aangesig van die aarde laat wegvee sodat meer as 25 eeue lank haar plek nie eers meer gevind kon word nie .. 'n stad van 664 hektaar was verswelg deur die sand van God se toorn en eers weer na 'n amptelike Franse regerings-ekspedisie opgespoor. Die HERE wat goed is is dus ook die Here wat Sy vyande tot in die duisternis van die ewige dood agtervolg.

Ons vergeet dit so maklik. Ons word oorspoel met nuus van oor die hele wêreld en ons kontinent en ons eie land en omgewing. Ons hoor van al die oorloë en die wetteloosheid in ons eie land en buurlande, ontstellende korrupsie en regsverkragting en noem maar op. So sien ons allerlei vyande op allerlei gebiede en voel soms so redeloos reddeloos dat ons skoon vergeet dat daar 'n baie groter en belangriker Vyand van alle goddeloses is, ons God en Vader in ons Here Jesus Christus.

Die ergste is nie dat die Kerk van Christus vervolging en skande moet beleef nie - dit is per slot van rekening ons voorland volgens die Woord en gewoonlik baie gesond vir die Kerk want die bloed van die martelare is die vrugbaarste bodem vir die Kerk van Christus wat tog nooit meer as sy Meester kan wees nie. Die allerergste wat die Kerk of 'n volk of 'n mens kan oorkom is wanneer God daar teenoor staan as 'n Vyand !

'Wat dink julle van die HERE ? ' is 'n vertaling van vers 9. Die profeet rig hom tot die kerkvolk Juda en tot die brutale Assiriërs. Allereers tot die Kerk want moedeloosheid is nogal 'n logiese gevolg as die vyand nie alleen oppermagtig lyk nie maar ook sy mag laat voel deur dit met duiwelse geweld op jou af te forseer. Die koningsvolk het in twyfel weggesink en opstandige gedagtes en gevoelens teenoor die Here het 'n vrugbare voedingsbodem gevind. Juda het maar min van die Here gedink, die Here wat hulle by die brokstukke van 'n verslaafde en gebreekte Kerk en volk laat lê het. Die bitterheid wat uit daardie gedagtestroom voortgevloei het, het omgeslaan in 'n opstandigheid teen die voorsienige werk van die Here. Ag en nou is dit so maklik om te praat van die tipies joodse karaktertrek van ontevredenheid en kermlus - snaaks dat die jode tot vandag toe 'n eie tipies joodse

humor het wat vir ons as nie-jode nie altyd goed verteerbaar of verstaanbaar is nie en dus dikwels nie eers 'snaaks' nie, maar in hulle humor word ook genoeg gespot met hulle ontevredenheidskaraktertrek - MAAR wat van onself? Wat was van die grootste oorsake van lewensverlies tydens die Groot Trek en die Dorslandtrek en die Anglo-Boereoorlog en ... u kan maar self aanvul ...was dit nie maar dieselfde karaktertrek nie? Dankbaarheid teenoor die HERE Here en ons naaste is by elke mens maar 'n baie skaars artikel. Ons bely dit dan selfs in die Nagmaalsformulier.

Wat dink julle van die HERE? Laat ons dit maar toepas op onself: wat dink ons van die HERE? Ons is so dikwels ook deur die tydsgees aangesteek deur met ons eie menslike oë na alles te kyk en bang te wees vir die toekoms van onself en hulle wat na ons kom. Ons is so gewoond daaraan om te sê 'dinge lyk nie goed vir die toekoms nie'. Spesifiek die Afrikaner wat vir alle praktiese doeleindes die politieke mag en seggenskap verloor het en met lede oë moet sien hoe dit op baie, mens is geneig om te dink op omtrent alle lewensgebiede, agteruitgang geblaas is. 'n Reaksie is dat die meeste mense nou maar tou opgegooi het en die 'duiwel' se water nou maar oor Gods akker laat loop. Daar is in die algemeen nie eers sprake van dat nou 'laergetrek' word nie. Die vyand word ook nie in die poort ontmoet nie - die poort is lankal oopgegooi sonder dat 'n poging aangewend word om die vyand te keer. Dis ook nie 'n wonder nie want hoe kan jy 'n vyand keer as jy jou laat ontwapen het deur die tydsgees van gemak en offers aan allerlei afgode. Ons sal soms nog kyk na die verlede en dit dan kroon met 'n stralekransie van verlange na die 'goeie' ou dae wat in daardie dae in elk geval nie so goed gelyk en gevoel het nie maar nou nie nugter beoordeel kan word nie. Daar was op baie lewensterreine baie misstande soos 'n verafgoddelikte nasionalisme wat vir ons vandag onwerklik lyk, soos 'n verpolitiseerde kerklike lewe wat verder ook maar in selftevreidenheid weggedommel het, soos sogenaamde 'nasionaal-christelike' onderwys wat baie meer 'nasionaal' as 'christelik' was. En vandag? Goed die breë ekonomie is moontlik beter af veral wat die toekoms betref. Wat die geestelike vryheid egter betref moet ons hoegenaamd geen illusies hê nie - die liberale en hulle geesgenoot-afstammelingen wat die groot woordvoerders vir sogenaamde menseregte is staan altyd eerste in die tou om mense wat van hulle verskil aan te val. Verdraagsaamheid is die wagwoord maar venynige onverdraagsaamheid is die praktyk. Dit sal ons in die tyd wat voorlê alhoemeer aan die lyf ondervind. Daar sal alhoemeer inbreuk op die vryheid van die Kerk en die opvoeding van die gelowiges se verbondskinders gemaak word.

Hoe moet ons daarteenoor staan? 'n Baie goeie begin sal al wees as ons daarteenoor **staan** pleks van om gemaklik te sit of slap-slap te lê. Dan sal ons moet

erns maak met die vraag ' wat dink ek van die HERE ?'. Ek kan alleen rekenskap gee van my antwoord daarop as ek weet wat om te antwoord dus as ek **kennis** van die HERE Here het. Die kennis waaroor dit in vers 7 gegaan het, die ken-in-vertrouende liefde. Ons weet omtrent almal van die wapenrusting van die gelowige waaroor die heilige evangeliestryder Paulus so mooi skryf in Efesiërs 6 . Daarin sê hy dat die **swaard** wat ons van God ontvang die Woord van God is. Dit is 'n vlymskerp swaard en nie 'n heuningkwassie nie. Dit is die Woord van God maar om dit te kan gebruik moet ons daardie wapen ken. Vir 'n soldaat is dit lewensbelangrik dat hy gedurig-gedurig tot vervelens toe sy wapens skoonmaak en slaggereed hou - ons wat deur die tydsgees aangesteek is **praat** nie eers graag oor wapens nie - dit klink so onsimpatiek en verkramp - laat staan dat ons gereed is om dit te gebruik.

Wat dink ons van die HERE? As ons die wapen wat Hy ons gee laat stof vergaar, dit aanpas aan die nuutste grille van die moderne mens en alles wat hulle of ons nie aanstaan nie verander of versag of wegwerk ?

Wat dink ons van die HERE as ons toelaat dat ons kinders vergiftig word met die sprokie dat alle godsdienste gelyk is, dat almal dieselfde 'god' aanbid ?

Wat dink ons van die HERE as ons ons geestelike wapens slyp en in geloofsvertroue gebruik ondanks alle vloedgolwe van kritiek en veragting. Hoe goed sal dit wees as ons weer daarvan beskuldig word dat ons 'n geestelike 'laertrekmentaliteit' het. Dan sal ons ons roeping uitleef. Daar moet laergetrek word rondom die onvervalste betroubaarheid van die Woord as rigsnoer vir ons lewe, ons sal gewapen met geestelike wapens op-en-wakker daarby wagstaan. Ons sal net op daardie manier ook die res van die volke waarin die Here ons geplaas het en wat juis elke aand laergetrek het op pad die woeste binneland in - wit en bruin en swart - op die enigste regte manier tot seën kan wees.

Kan ons maar fluit-fluit- sing-sing in die pad val ? Ja as ons weet waaroor ons gerus en bly kan wees. Nee as ons geen wapens maar net suigstokkies het. Ons moet prakties bely wat ons glo. In kort kom dit neer op die 12 artikels van die Apostoliese Geloofsbelydenis. Elke dag word ons keer op keer voor keuses geplaas, ons moet dikwels kies teen die 'algemene mening ' in, teen dinge in wat vandag algemeen aanvaar of toegelaat word. Dit is nie maklik nie, dis nooit lekker om kritiek te moet aanhoor nie, om verkleineer te word nie, om teen die stroom in te gaan nie. Ons moet kies en selfs onder ons is daar oor baie sake verskil van mening. Die enigste wat ons dan kan doen is om God op Sy beloftewoord te vat en Hom te vra vir wysheid. Hy het ons mos belowe dat as ons wysheid kortkom ons dit van Hom moet vra en Hy sal dit vir ons gee.

Wysheid om te kan onderskei tussen middelmatige en beginselsake. Wysheid om op 'n christelike, gelowige manier van mening te verskil. Wysheid om God die nodige eer te gee en vir Sy eer op te kom, daardie eer waarop Hy so jaloers is dat dit aan niks en niemand bo of langs Hom gegee mag word nie.

Wat dink ek van die HERE moet die vraag in ons lewe wees en die antwoord daarop kom as ek Sy ge-openbaarde Woord as rigsnoer van my lewe en die lewe van my geliefdes en die lewe van Sy geliefde Kerk neem.

Dan sal ek iets verstaan van wat dit my Here Jesus gekos het om my te verlos en is dit soveel duideliker dat Hy van **my** 'n dankbaarheidslewe verwag en dit kan ek gee in die krag van Sy Heilige Gees wat in my hart uitgestort is , wat in my hart lééf.

1 : 9 – 15 ‘Wat dink julle van die HERE ?’

Ons is gewoon daaraan om te praat van die verskriklikheid van die mag van die Bose in ons tyd. Ons sien ons tyd as ‘n tyd van gevaar, van misdaad, van ellende vir hulle wat onderdruk word, van on-regstellende aksie, van oorloë en gerugte van oorloë en dit heel in besonder op ons eie vasteland wat minstens die laaste vyf dekades die rekord gehou het van die meeste oorloë en burgeroorloë en stamoorloë in die hele wye wêreld – iets wat in geen geval deur ‘n ‘Afrika-renaissance’ met sy terugval in heidendom met ‘sangoma’s’ en heidense offerfeeste sal verander nie. Maar dit was nog nooit anders nie. Wanneer ek die Bybelkommentare deur ons gelowige voorgangers deur al die eeue van ons vasteland se enigste kerkvader Augustinus oor Luther en Calvyn en oor die plant van die gereformeerde godsdiens in ons vaderland en oor die eeue daarna tot vandag toe lees dan sal elkeen die lyne van die Heilige Skrif deurtrek na hulle tyd toe. En keer op keer waar in die Skrif geskryf word oor die swaarkry van die Kerk van God en die getroue kerkvolk en vervolging en onrus en oorloë dan sal die Bybelverklaarders altyd weer wys op die feit dat in hulle tyd presies dieselfde deur die troue gelowiges ondervind word. Die Kerk van Christus word op allerlei maniere aangeval, beproef. Presies soos die Koning van die Kerk ons beloof het – Hy het ons juis geen hemel op aarde beloof nie. Gelukkig bly daar dus ‘n heerliker en beter gewaarborgde toekoms vir ons wag.

Daar is net drie kenmerke vir die ware Kerk bely ons in ons belydenisgeskrifte maar ‘n ekstra teken is tog ook wel dat die Kerk juis nie ‘n populêre klub word nie maar weens haar getrouheid aan die geopenbaarde wil van God en haar teestand teen die wêreld –waarin sy haar roeping voluit uitleef – aan allerlei openlike of bedekte vorms van vernedering, kleinering, verdagmaking en vervolging onderwerp is.

Omdat ons as mensekinders nie immuun vir die tydsgees is nie en ook maar dikwels met oogklappe op deur die lewe gaan, sien ons dit wat in ons tyd gebeur nie juis genuanseerd nie. Ons staar ons ook so maklik dood op die teenswoordige en dan ook nog net dit wat ons regstreeks dink te beleef. Van die verlede weet ons bitter min en dit raak ons in der waarheid nog minder. Die hier-en-nou raak ons en die toekoms is iets wat ons met polisse en die hoop op politieke oplossings en mediese deurbrake probeer besweer en as dit dan alles vasdraai dan kan ons altyd nog bid en vooruitsien na die hemel. Hoe verarm ons tog die rykdom van ons geloof. Ons bely Christus as Koning van Kerk én wêreld maar vergeet skoon om terug te kyk na Sy werk deur alle eeue om dan raak te sien hoe Hy deur alle eeue se helse oorloë en vervolging Sy Kerk gedra het. Wêreldmagte het die een na die ander opgekom, geblyk en met tsoenamies van bloed in die vergetelheid weggesink maar alleen die Kerk van Christus kon van die paradys af tot vandag toe lewend bly. Want dit is geen mensewerk nie maar die werk van God en is Sy oogappel.

‘n Vertaling van vers 9 is die vraag : ‘wat dink julle van die HERE?’ En dan slaan dit op die bloeddorstig-wrede Assiriërs én op die Kerkvolk. Die heidene wat deur God as slaanstok teen Sy verheidenste volk gebruik is het niks van die HERE gedink nie, hulle het genoeg aan hulle afgode gehad wat hulle dan so voorspoedig en oppermagtig gemaak het.

Die kerkvolk se gelowige deel het egter in die druk van die ellende van die bedreiging, verdrukking en vervolging deur Assirië te veel op die hier-en-nou gefokus en daardeur te min van die HERE gedink. Nou nie juis ‘n unieke optrede van die kerkvolk nie. Dwarsdeur die geskiedenis tot in ons eie tyd is die gevaar daar vir die gelowige om saam te sing in die koor van nasionalistiese sangers wat God voor hulle eie karretjie span en die Woord ombuig of aanpas of selfs verkrag om volgens hulle smaak te sê wat hulle wil hoor. Daarby kom dan die opstandige gevoelens teen die voorsienige bestel van die HERE.

Om te min van die HERE te dink is by uitstek ‘n kerksonde want ons wil tog so graag met ons verstand en wetenskaplike kennis en statistiese meerder-waardigheid die HERE Here ‘n handjie help om die toekoms van ‘ons’ kerk te verseker. Toe die kerkvolk deur die HERE uit die slawerny van Egipte verlos is en voor die Skelfsee staan met die vyand wat aangestorm kom om hulle uit te roei het hulle die HERE aangeroep PLUS Moses aangeval en verwyt – ook ‘n tipiese kerksonde. Hulle het weer te min van die HERE gedink, Moses het hulle gesê om stil en kalm te bly : ‘die HERE sal vir julle veg’. Eks 14 : 14 En Elia onder die doringbos? En in die tyd van die profeet Maleagi het die volk hulle ontevredenheid met God se bestuur

verwoord met :’ waar is die God wat reg moet laat geskied?’ 2:17 Om u nie te vermoei met nog baie tekste net nog die gespot waarvan Petrus sê dat gesê sal word ‘ en wat het nou geword van die belofte van Sy wederkoms?’ 2P3:4 Trouens hoe baie het nie hulle rug op die Here Jesus gedraai omdat hulle teleurgestel was dat Hy nie hulle nasionalistiese wense wou gehoorsaam nie. Jesus het selfs vir Sy dissipels gevra of hulle nie ook maar weg wou loop nie.

Wat dink julle van die HERE? God regeer. Hy lei alles na Sy doel toe op Sy manier en op Sy tyd. Hy gryp in om te red of om te verdelg. Dit is wat Hy deur Nahum sê. Die wonderlike is dat Nahum, soos al die ware profete, stewig met sy voete op ‘moeder’ aarde staan. Hy kom nie met verbeeldingryke stories oor die mag van sy volk teenoor die vyand nie. Hy profeteer nugter dat Assirië ondenkbaar magtig is. Soos taai doringtakke wat inmekaar gevleg is sodat dorings van alle kante uitsteek sodat ‘n mens dit nie ongestraf kan vasvat nie, so is die wêreldmag. Sterk en stewig verbind deur die idee van solidariteit. So sterk dat hulle nasionale sport die misbruik van sterk drank is om dan in dronkemans oormoedigheid te spog op hulle mag maar ‘n dronk mens kan selfs deur ‘n kind tot ‘n val gebring word en sy val sal groot wees. Die stewige buigbare taai en weens sy vlymskerp dorings, onhanteerbare gevlegte doringtak is teken van hulle giftige aard vol raserny en slegtheid en bedrog en wreedheid maar selfs al is dit papnat deurweek van al die drank, sal dit in ‘n oogwink deur God se toornige vuur verteer word. God behou altyd die inisiatief. Maar dit kan in dae van hemelskreiende ellende en smart alleen deur die geloofsoog gesien word. Die wêreldmagte is absoluut ongelooflik magtig en in ons tyd word ons ore en oë en gevoel en bestaansmoontlikhede in ‘n ongekende propaganda warrelwind daarmee gekonfronteer maar hoe magtig hulle ook al werklik waar is, hulle is nie en sal nooit almagtig wees of word nie. Alleen ons God, ons hemelse Vader deur Jesus Christus ons lewende Verlosser, is Almagtig. Watter Godegewe troos vir ons en God se kinders deur al die eeue.

Nahum praat deur die Heilige Gees van God nie oor Assirië as ‘n politieke mag nie maar as ‘n vyand van die Kerk. Heel interessant wat Calvyn hierby sê : ‘Dit is wel lekker, aangenaam en oulik as ons sien dat ons vyande te gronde gaan, maar dit is maar ‘n koue en skrale troos, as ons nie daarvan oortuig is dat dit gebeur deur die regverdigde oordeel van God, omdat Hy ons liefhet, omdat Hy ons in die omarming van Sy Vaderlike liefde wil beskerm. As ons dit insien dan seëvier ons selfs midde in die diepste ellendes. Ons is dan mos seker van ons redding, omdat God getuig en duidelik bewys dat Hy ons nie alleen genadig is nie maar ook dat ons behoud Sy hart raak.....Waarom het God die Assiriërs met ‘n plotselinge watervloed en ewige duisternis bedreig? Omdat hulle teen Hom en Sy Kerk beraadslaag het.

Dieselfde sal dus ons vyande tref.’

Ons moet tog maar uiters versigtig wees om nie aangesteek te word deur die tydsgees van ‘vrede-vrede’ terwyl God juis ook as Nuwe Testamentiese God ‘n God van wraak is vir elkeen wat teen Hom opstaan.

Die Here sê deur Sy profeet dat die vyand groot en magtig en geweldig talryk is maar hulle sal vernietig word. En dan lees ons in vers 12 dat die HERE sê dat Hy Sy volk verneder het. Al is die werk daarvan deur Assur uitgevoer, was dit onder die slaande Hand van die HERE. Maar alle tekens daarvan sal deur die oordeel oor Assirië weggevee word. Die juk en stroppe wat op die volk gelê het en hulle gebind het, sal deur die HERE vernietig word. Hoe ontsettend tragies is die beeld van ‘n verslaafde, verknegte volk van God. Daardie onderworpenheid aan wêreldse magte is tog totaal in stryd met die karakter en sin van die verbond en met die bedoeling van God met Sy volk. Die verbond het immers ingehou dat God Israel sou laat vermeerder tot ‘n talryke volk in sy eie land – knegte van die Allerhoogste alleen. Israel moes tog die draer van die brandende openbarings-ligfakkel in ‘n stikdonker wêreld wees. Maar nou was hulle verkneg, verslaaf en dit was nie hulle ‘lot’ nie maar hulle eie skuld.

Ook vir die Kerk en elke gelowige is dit verskriklik tragies as hulle onderworpe is aan magte wat nie uit God is nie, nie uit die geloof is nie, die magte van die duiwel, die wêreld en die eie vlees. Dit is dan in stryd met die hele karakter van die lewensgemeenskap met God, in stryd met ons roeping om koninklik te heers, profeties te getuig en om priesterlik te ontferm! Ons kan God nooit genoeg dank dat Hy Sy Seun Jesus Christus gestuur het om Hom te laat bind met die stroppe en om die juk te dra sodat Hy beide kon verbreek sodat ons in die volle vryheid mag staan waarmee Hy ons vrygemaak het.(Verhoef)

God het die ontsettende ellende oor Sy volk gestuur maar nou ‘n grens daaraan gestel. Hy sê deur Sy profeet dat daar geen rede is om nou te bly dink dat God bly straf nie. Laat die volk liewers bedink dat die straf tydelik is en dat God ook in Sy oordeelsvoltrekking weet waar om op te hou. Sy woord aan Jesaja moet altyd in vervulling gaan : ‘in ‘n uitstorting van toorn het Ek vir ‘n oomblik My aangesig vir jou verberg, maar met ewige goedertierenheid ontferm Ek My oor jou, sê die HERE, jou Verlosser.’54:8 Hierdie belofte geld en sal geld tot aan die einde van die wêreld.(Calvin) In vers 14 word deur die HERE duidelik en sonder beeldspraak verkondig dat Nineve vir eens en vir altyd vernietig sal word, ja daar sal niemand meer wees om sy naam te kan dra nie. Die verwysing na die afgode wat hulle nie sal red nie wys waarskynlik ook op die koning Sanherib wat in sy eie tempel voor sy afgodsbeelde deur sy eie twee seuns doodgemaak is. Dit was net

nadat hy van Jerusalem af teruggekom het waar die HERE hom daar deur die wonderwerk van die Engel van die HERE weggejaag het. Jes 37 Daardeur is die tempel ook ontheilig, ontwy en kon hy nie van die graf gespaar word nie ondanks sy en al sy landgenote se grenselose vertroue op hulle afgode nie. ‘n Mooi vertaling van vers 14 se laaste woorde wat die onheilsaankondiging versterk is :’ Ek sal jou graf ‘n mishoop maak’ (v.d.Woude).

In vers 15 mag die profeet hom weer met God se Woord tot die gelowiges wend.

Die groot gevaar vir gelowiges van alle tye is dat hulle soos ongelowiges na die gebeure in hulle lewens en volk en wêreld kyk, pleks van om deur die bril van die Woord na alles te kyk. Ons is veral in ons tyd van die afgodery aan wetenskap en tegniek geneig om op ons vingers af te reken wat die oorsaak was en wat dan die gevolg sal wees – terwyl natuurlik rekening gehou moet word met ene ‘wet van Murphy’ dat alles tog in elk geval verkeerd sal uitdraai. Ons bely maklik genoeg met die mond God as Almagtige en Christus as Koning maar in die praktyk kom dit hoogstens daarop neer dat God en Christus blykbaar ‘met vakansie’ is(hopelik nie met pensioen nie) want ek moet myself maar help en die duiwel sal die res wel doen, dit is maar bitter moeilik vir die ‘mondige’ mens om kinderlik vertrouend sy werksroeping uit te leef en die seën daarop aan die HERE oor te laat. Hoe afgrysig verstommend is dit dat hoe meer die wetenskap en tegniek die lewe beheers, hoe groter die aanhang van ‘wat sê die sterre’ en toekomsvoorspellende pap teeblare ensovoorts word. Dat mense na allerlei toekomsvoorspelsters wil gaan wat in lamelndige vuil karavane rykdom en voorspoed ‘voorspel’ maar ondertussen self in uiterlike ‘agtergeblewe’ omstandighede bly, het geen kommentaar nodig nie.

Die profeet beklemtoon dat die vervulling van die profesie oor die ondergang van Nineve bewys is van God se verbondstrou en nie ‘n politieke oorsaak het of sogenaamde ‘toeval’ of sogenaamde ‘noodlot’ is nie. Dit was nodig om dit weereens te beklemtoon want vir baie jare was Juda deur Assur onderwerp, verslaaf en dit het in die daaglikse praktyk ook beteken dat die inwoners verplig was om nie alleen staatkundige oorheersing te aanvaar nie maar ook godsdienstige, die burgers was veronderstel om eer aan die afgode van die veroweraar te bring – per slot van rekening het Serubbabel tog uitgebral dat sy gode al die ander volke se gode onteenseglik verslaan het. Jes 36 en 37 En wat doen die vrome koning Hiskia toe? Hy rol die brief van Sanherib oop voor die aangesig van die HERE Here sodat die troue Verbondsgod die smadelik-beledigende brief van die magtige heiden kan lees, beledigend teenoor die HERE. So’n kinderlike vertroue deur niemand minder as die koning van die volk van God maak jou hart warm en jaloers op so’n heerlike bou op God se verbondsbeloftes. Dat al die volke verslaan was, was ‘n

duidelik sigbare feit so groot soos ‘n koei maar die rede was dat die Here hulle in Sy toorn oorgegee het aan die bloedbeluste Assiriërs, Hy die Koning van die wêreld seën en oordeel volgens Sy raadsbesluit.

Die geknegte volk van God mag ‘n evangelie, ‘n werklik goeie boodskap hoor. Op die berge kan die voete gesien word van die vreugdeboodskapper wat die blye boodskap van vrede en redding luidkeels sal verkondig. Die nadruk op die voete wys die haastigheid, die dringendheid om die bevrydende nuus te bring. Later gebruik Paulus ook die begrip as hy as onderdeel van die wapenrusting van die gelowige noem ‘as skoene aan julle voete die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig’ Ef 6:15 en vir die Romeine skryf hy “ .. elkeen wat die Naam van die Here aanroep sal gered word. Maar hoe kan ‘n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe ‘ hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring’. Rom 10:13-15 In die verkondiging van die evangelie lê die onstuitbare krag van God wat daardie dinge werklik laat gebeur wat verkondig is.

Van die berge word dit luidkeels verkondig, van daardie hoë plek sal dit orals wyd en syd gehoor kan word. Calvin wys daarop dat tot nou toe mense nie eers kon waag om te fluister nie, as iemand oor vrede of oorlog gevra het was sy lewe in gevaar. Daar was onder Assirië geen vryheid van spraak nie. Snaaks, dit is iets waarby ek nooit stilgestaan het nie. Ons ken dit onder die moderne nasionaal-sosialisme en kommunisme en baie sterk op ons vasteland maar die valse propaganda en skryf- en spreekverbod was daar maar deur alle eeue. Niks nuuts onder die son nie.

Dit inhoud van die duidelike en goed verstaanbare boodskap is ‘vrede’, sjalôm en dit beteken baie meer as net politieke vrede. Die grondbegrip van sjalôm is ‘welsyn’ en dit ontstaan wanneer alle menslike verhoudings op die godsdienstige, politieke en sosiaal-maatskaplike gebied goed is. Daarom is by Nahum die teenoorgestelde van ‘vrede’ nie in die eerste plek die gebrek aan oorlog nie maar rampspoed, onvrede, ongeluk, ellende in al sy verskrikkings en natuurlik ook die ontwrigting wat oorlog skep. Verreweg die meeste nadruk lê op die positiewe, die toestand van volkomenheid, volle geluk, volle heil. Hier by Nahum dan in die dubbel betekenis van bevryding uit die verstikkende mag van Assur en strome van heil uit die fontein van God se genadige goedheid. Daardie vrede van die regte verhouding, die regte lewende band met die troue Verbondsgod. In ons tyd nog soveel ryker omdat ons weet dat die middelmuur van skeiding tussen God en ons

weggebreek is deur die soenverdienste van ons Here Jesus Christus. En tog, tog is daar juis ook in ons tyd 'n geweldige behoefte aan daardie 'vrede'. Vrede in onderlinge verhoudings. Die nuwigheid van die sogenaamde 'demokrasie' in ons land het al heelwat afgeslyt en nou kom daar al hoe meer 'n ontnugtering dat die hemel nou werklik nie op aarde gekom het nie.

In die tyd van Nahum is die feesdae wat deur die HERE ingestel was veral weens die oorlogssituasie nie gevier nie maar nou daar 'n rustige tydperk kom, moet die feesdae weer onderhou word. So moet die nodige dank aan die HERE betoon word, moet Hy op die regte manier gedien word. Dank en gehoorsaamheid : twee kante van dieselfde muntstuk. Sonder dankbaarheid is gehoorsaamheid slawerny. Sonder gehoorsaamheid is dankbaarheid 'n bespotting. Ons moet maar onthou dat as die HERE ons rustige omstandighede gee dit Sy bedoeling is dat ons Hom opreg moet dien. Hy weet dat ons Hom moeilik met 'n onrustige hart goed kan dien en daarom skenk Hy ons rus. As ons dit egter misbruik en sorgeloos raak en ons nie oor God bekommer nie, sê Calvyn, dan is dit vir die HERE onverdraaglik. Die geloftes wat uit dankbare gehoorsaamheid betaal moet word, is nie net die gewone offers van die gewone erediens nie maar juis besondere tekens van dankbaarheid omdat God so barmhartig is. Hy vernietig die wrede vernielers volkome.

Die ondergang van Nineve 2 : 1 – 13

Soos so dikwels by die verklaring van die profetiese boeke is daar ook van 2 : 1 verskillende verklarings. Calvyn het al drie verklarings genoem, dit gaan dan oor wie die 'verstrooier' sou wees. Van der Woude kom selfs met 'n baie interessante mening dat hierdie vers nie oor Nineve gaan nie maar oor Juda soos die voorafgaande en volgende vers, maar dit verg wel 'n veranderde lesing en is gebaseer op 'n taalkundige verklaring van 'n agtervoegsel. Aan ons saligheid maak dit geen verskil nie. Laat ek dan maar by die 'algemeen aanvaarde verklaring' , soos v.d.Woude dit noem, bly. In sy beeldryke lewendige taalgebruik wek die profeet die hoofstad van die Assiriese ryk vol ironie op om alle moontlike voorsorgmaatreëls te tref en alle moontlike moed te versamel om teen die oprukkende vyand te bly staan.

Vol ironie word die vyand die 'verstrooier' genoem. Juis dit wat Assirië al die eeue deur was. Die uitgeslape koning Tiglat Pileser het goed besef dat so 'n geweldige groot en uitgestrekte ryk soos syne maklik in dae van nood en agteruitgang uitmekaar sou kan val, daarom het hy die politiek van verstrooiing toegepas. Hele stede en volke of minstens die room van hulle burgers, is wreed ontwortel,

gedeporteer na dele in sy uitgestrekte ‘empire’ wat so ver moontlik van die ‘tuislande’ was . Hulle sou dan hulle eie taal, kultuur en godsdiens loslaat om dit van Assirië oor te neem. ‘n Politiek wat in ons tyd deur Hitler en Stalin en Mao en in Darfur en... en.... hoogstens bietjie gemoderniseer toegepas is en word en sal word. Hoe bloedstollend baie bloed het gevloei en ellende is veroorsaak deur magswellustiges en in die naam van ideologië wat heerlik as verskoning misbruik word vir ongebreidelde wreedhede teen beeldraers van God. ‘n Boek soos Nahum laat ons des te meer besef dat tot vandag toe die gebed tot God uitgeskree mag word dat Hy Sy wigtloeiende wraak oor daardie bose mense mag laat losbreek. Dit is ‘n praatjie –vir- die- vaak om te dink dat dit die gelowige se roeping is om deur die bank te vergewe. Daar is baie bose magte wat onvergeeflike misdade pleeg en onder die toorn van God val, nou of later. Pleks van om vergewing uit te deel moet ons God bid vir geduld om te wag dat Hy oordeel en ondertussen bid ons dat ons die roeping van evangelisasie en sending sal uitleef en bid ons vir bekering van ons vyande, vir krag om te vergewe vir die van ons vyande wat tot bekering kom en vir God se wrekende geregtigheid oor die wat onbekeernd ons vyande bly.

‘n Verstrooier trek met vyandige bedoelings teen die bloedstad op. Iets wat Nineve waarskynlik nooit in haar geskiedenis beleef het nie, die rolle is deur die Here omgekeerd. En dit gebeur nie op die veelgeroemde paaie van die diplomatie nie, maar sonder strategie of lis kom die verstrooier letterlik ‘teen jou gesig’ dus oop en bloot. Wie die Here as verstrooier gaan gebruik is blykbaar nie aan Nahum geopenbaar nie.

Nineve word vol ironie opgeroep om nou hulle eie vesting te bewaak, die pad dop te hou, al hulle kragte te monster, die heupe word genoem as die setel van die krag. Maar die ondertoon is dat die profeet weet dat dit alles tevergeefs is teen daardie God wat in die begin van die boek beskryf is as die God wat al die kragte van die natuur ook in Sy mag het.

Plotseling verander die profetiese blik. Dit gaan van die astante arrogante heidenmag oor na die bondsvolk en hulle herstel. God beskou die wêreld-geskiedenis vanuit die geskiedenis van Sy Kerk. Sy verlossingsdade in die lewe van die Kerk sluit ook die oordeel in oor die magte wat Sy kerk bedreig. Ons moet veral let op die volgorde van die feite. Die herstel van die bondsvolk lê ten grondslag aan en vorm die aanleiding tot die oordeel oor Nineve. Hierdie feit plaas die eintlike saak waaroor dit in die verhouding tussen kerk en wêreld gaan, in ‘n verrassende lig. Die ondervinding van die Kerk op die horisontale vlak van haar verhouding tot die wêreld, is NIE die belangrikste nie. Die hoofsaak in die lewe van die Kerk is nie die vraag of sy rus geniet en of sy vervolgd word nie. Die eintlike

saak wat in die bestaan van die Kerk van deurslaggewende betekenis is, is die vraag na die verhouding tussen die kerk en haar God. As die Kerk haar in tye van afval met haar hele 'hart' tot die Here bekeer, dan herstel God haar in die aangesig van en ondanks al die magte van politieke geweld en sedelike verval. Dan breek God self in Sy oordeel oor die wêreldmag 'n baan vir Sy Kerk. Die bevryding van Israel is nie maar net 'n bygevolg van die ondergang van Nineve nie. Nineve word geoordeel OMDAT die Here Israel gaan herstel. Dit is die hoofsaak in die prediking van hierdie profeet. Die lot van Nineve word in die eerste plaas vanuit die verhouding van die Here tot Sy volk bepaal en verseël. (Verhoef)

In vers 2 hoor ons die wonderlike profesie dat die Here wat deur Nineve en sy magtiges so beledig en bespot is (2 Kon 18 : 32 e.v.) en Wie se volk deur Nineve in ballingskap gevoer is, Wie se tempel en altaar skandalig ontheilig is met die wyding daarvan aan die afgode van Assur (2 Kon 16 : 10-18), hierdie Here is tog nog altyd die Regeerder van alles wat bestaan. Hy gaan Sy volk red. Die heerlijkheid en eer van Sy volk het Hy laat wegneem deur die oordeelvoltrekker Assur, maar die voltrekker het in sy ongebreidelde magswellus self die vernietigende toorn van die Here verwek en sal neergeslaan word omdat die Here die heerlijkheid van Sy volk gaan herstel vgl. Jes 10 : 5-19; Sag 1 : 15. Die hoogmoedige vyand het die volk van die HERE , die wingerdstok (Jes 5:1; Hos 10:1; Ps 80:9) met wortel en tak uitgeroei. Aan die eenkant deur die oordeel van die Here sodat hulle moes besef dat hulle niks in eie krag was nie. Maar buitekant die waarneming van mense bewaar die Here 'n oorblyfsel, dwarsdeur al die eeue van afval en oordeel bewaar die Here in die getroue oorblyfsel die uitverkore volk Israel as geheel. Uit hierdie volk moet die Messias –na- die- vlees gebore word en geen sonde van Israel of bose mag kan dit ooit keer nie. Soms is die oorblyfsel niks meer as die 7000 in Elia se tyd. Die mens sien maar net 'n deel van die Kerk van Christus en as ons na die kerkgeskiedenis kyk dan het dit baie kere gelyk asof die ware Kerk van Christus op sterwe na dood is, vernietig deur bose magte van buite en van binne. Dit kos veral in tye van voorspoed wanneer die ware Kerk op sy trefbaarste is, kinderlike vertrouwe en geloof dat Christus nooit sal toelaat dat die magte van die duisternis Sy oogappel sal insluk nie. In die oorblyfsel word die hele uitverkore volk verteenwoordig, die volk wat sal bly bestaan totdat die Koning van die Kerk op die wolke sal verskyn.

In Esra en Nehemia hoor ons elke keer dat van die oorblyfsel, die so uitgedunde volkie Israel gesprek word as die 'hele' Israel. Veral na die Tweede Wêreldoorlog met die stigting van die Joodse staat is daar deur baie christelike groepe weggehardloop met teorieë oor die vervulling van profesieë oor Israel wat

sogenaamd nog onvervul is en die hereniging van die twaalf stamme. Die Brits-Israel beweging en hulle moderne bedmaats kan met hulle sprokies nie op die Skrif bou nie. Interessant en werklik onverstaanbaar is in ons eie land die ‘vérregse’ bewegings wat super nasionalisties is en met hart en siel gekant is teen die Engelse wat hulle imperialistiese moorddadige oorloë teen ons voorvaders geveg het, maar tog hang hulle die verregaande idees van die Brits-Israel beweging aan in hulle sektes met name soos ‘kerk van die verbond’ en derglike.

Met digterlike skoonheid en rykdom van uitdrukking beskryf die profeet die verowering van die bloedstad. Hoe verskriklik lyk die vyande van Nineve. Hulle skilde en klere is rooi. Uit die opgrawings en geskrifte weet ons dat die soldate van Assur en Babilon en ook die Meders hulle skilde en klere rooi geverf het. Calvyn sê dat dit moontlik was sodat die helde nie sou skrik as hulle gewond sou raak, die rooi van die bloed sou dus nie so sigbaar wees nie- dit is wat die geskiedenis van die Lasedemoniërs ons vertel – maar ‘ omdat ons nie so baie weet van die gewoontes van die volke, is dit genoeg om te weet dat die toerusting vir die oorlog beskryf word’. Tog is dit interessant om ou skrywers soos Calvyn te lees. In hierdie vers word byvoorbeeld oor ‘spiese wat geswaai word’ gespreek. Letterlik staan daar dat die dennebome geskud word. Calvyn sê nou dat ‘die spiese geskud sal word soos dennebome in die bos heen en weer beweeg word. Want ons weet dat spiese van dennebome gemaak is omdat daardie hout lig en maklik hanteerbaar is’. Hoe sou ons wat net van moderne wapens weet nou ooit so’n tekswoord reg kan vertaal of verstaan sonder die kennis van iemand wat derglike wapens nog in sy tyd geken het? In elk geval sien ons in die tekening van hierdie vers dat destyds al sielkundige oorlogvoering in praktyk gebring is. Al was die rooi heel oorspronklik bedoel om skadelike demoniese kragte af te weer, was die rooi sielkundig bedoel om die draer daarmee in die bloedver-gietingsstemming te bring en die teenstander die skrik op die lyf te jaag. Voeg daarby die son wat van die strydwaens soos ‘n vuurvlam weerkaats en dit is een skrikwekkende geheel wat gretig vir die oomblik van die vernietigende aanval wag.

In vers vier is dit dan so ver. Die strydwaens kom aangestorm, dit is een en al ‘n woeste gejaag en die beskrywing beklemtoon dan ook verbysterende spoed en ‘n asemblerowende gebeure. Die koning van Assirië sal sy helde ontbied maar hulle is so paniekbevange dat hulle oor hulle eie voete val en wanneer hulle by die stadsmuur kom dan is dit al te laat want die vyand se stormram is al klaar staangemaak teen die muur. Gewoonlik was daar ‘n dak bokant die stormram sodat die soldate wat die stootbalke teen die muur gestoot het, beskerm was teen rotsblokke en kokende water of olie wat bo van die stadsmuur af gegooi was.

Nineve se doppie was geklink. Die profeet gee nie 'n uitgebreide verslag oor die val van Nineve nie want hy gee 'n profetiese visioen en nie 'n joernalistiese nuusberig nie. Nineve was 'n geweldige groot stad, 'n oppervlak van 664 hektaar, met twee stadsmure wat die Tigrisrivier en kanale ook ingespan het vir verdediging en sommer vyftien poorte. Maar al daardie onoorkombaar lykende verdedigingsmag en krag is niks as die Here die vyand stuur. Stad en paleis val eerloos. Die inwoners ondergaan dieselfde lot wat hulle al die jare hulle vyande laat ondergaan het, hulle word in ballingskap weggevoer. Die res vlug soos die water wat die stad moes beskerm maar wegvloei nou die ringmure vernietig is. Paniek. Die bevelvoerders skree bevele: staan!! Bly staan!! Maar almal vlug in paniek.

Die profeet roep die aanvallers op om die ryk buit bymekaar te maak. Daar is so baie dat dit eintlik onuitputlik is. Hoe het die bloedstad elke volk wat hulle verslaan en verkneg het ook kaalgeplunder. Nineve het soos een groot pakhuis geword met die bloedbevleekte rykdomme van die hele wêreld daarin opgeslaan. Onversadigbaar was die stad se sug na die besit van skatte en brute mag. Ook wat dit betref bly Salomo se wysheid dat daar niks nuut onder die son is nie. Al is dit vandag dan vloeibare goud wat olie is en allerlei grondstowwe waarvoor menseleuens in oorloë opgeoffer word. Aan oorloë en gerugte van oorloë kon die Verenigde Volke ook nog nooit 'n einde maak nie en sal daar ook nooit 'n einde kom nie tot op die Wederkoms toe nie. Maar ook in ons daaglikse lewe word ons begoël in advertensies en allerlei propaganda om meer en meer te wil hê. 'n Onversadigbare 'wil hê en moet-hê' en gooi-weg-as-jy-moeg-daarvoor-is mentaliteit word ons aangeleer. Watter armoede tussen al die blink begeerlikhe-de! Hoe wil die mens van alle eeue tog maar probeer om God en Mammon te dien.

Waar in ons vertalings vers 10 lees 'leegheid, ontlediging, vernieling!' of soos in die NV 'kaal geplunder, leeggedra, verniel!' hoor ons in die Hebreeus die geweldige geraas van verwoesting en verkragting 'boekah oe-me-boekah oe-me-boelaqah'... Dodelike angs laat alle krag wegs melt en die o-so gevreesde wrede verstrooiers van Nineve word nou self doodsbleek. Die hemelergende uitdagende stad is verlede tyd.

Dit is en bly 'n verstommende feit sodat vol verbasing gevra word waar is Nineve, die lêplek van die leeus nou? Juis in die Assiriese kuns sien ons in baie muurskilderye wat opgegrawe is dat die leeus 'n baie prominente plek gehad het, die konings het ook graag op 'n leeu jag gegaan. Hoe veilig het die groot stad gevoel niemand sou dit waag om die leeu, die koning, of die jong leeus, die swerm amptenare en die leër, of die welpies naamlik die res van die inwoners aan te val

nie. In die volgende vers word die ander kant van die leeu se aard beskryf, sy niks ontsiende roofsug wat gesorg het vir die inwoners en die koninginne en die harem. Die leeu Nineve wat sonder genade gemoor en geplunder het en die resultaat van sy bloedige hebsug in sy boerplek opgestapel het. Assirië was nie tevrede met die roof van dit wat hulle kon gebruik nie maar het alles voor die voet geroof en vernietig en die res in hulle stoorkamers en pakhuise opgestapel.

Vers 13 wat die oorgang na die volgende hoofstuk maak, lê nadruk op die sekerheid van die vervulling van die profesie, daarom dat die profeet dit voorstel asof alles reeds gebeur het. Hy beklemtoon ook die geldigheid van sy profesie deur nou nie alleen as herout, as boodskapper van die Here op te tree nie maar God Self aan die woord te stel. Dit is die HERE van die leërskaare, die Almagtige wat Self die koning van Assirië die onderspit sal laat delf. Alle mag en alle buit waarop die vyand gebou en waarin hulle hulle verlustig het word deur die Here van die aarde af weggevee. God sal die tiranne van hierdie wêreld in die bek ruk en op Sy tyd vernietig. Calvyn sê dat dit 'n groot troos vir die Kerk is om te weet dat God die Verdediger van Sy Kerk sal wees wanneer wrede tiranne en diktators die Kerk benou. Die woorde 'kyk, Ek het dit teen jou' is bedoel vir alle diktators, tiranne, verdrukkers en vir almal wat wreedheid oor ellendige en onskuldige mense uitstort. Die profeet benadruk die soewereiniteit en almag van ons God. In die verhouding tussen die wêreldmagte en die volk van God is daar maar een beslissende faktor: wat sê die Here van die Leërskaare? Tog nog altyd 'n moeilike les om te leer ook in ons dae. Al die eeue deur moes die profete die volk van God waarsku teen die bondgenootskappe met allerlei wêreldse magte. Die wêreld lyk altyd sterker, blinker, aanlokliker, slimmer ens. ens. as die eenvoudige Kerk van Christus. Verhoef plaas die puntjie op die 'I' : Die gedagte dat die regverdige in alle omstandighede uit die geloof alleen moet lewe (Hab 2:4), dat hy wat glo nooit haastig is nie, ook al pak die wolke van oordeel swaar op die lewenshorison saam (Jes 28: 16), en dat die Here Here, die Heilige van Israel' dit by geleentheid duidelik aan die bondsvolk laat stel het, naamlik 'in terugkeer en rus lê julle heil. In stilwees en vertrouwe bestaan julle krag' (Jes 30:15) – dit alles het Israel moeilik geleer.

Die aktuele vraag is egter of dit net Israel was wat moeite met hierdie profetiese les gehad het?

Nahum 3 : God is die Wreker oor Nineve en oor alle volke.

Ons is altyd maar geneig om maklik te praat oor God se meulens wat tog maar so

stadig maal. Maar hoeveel lewendigheid is daar in ons persoonlike geloof, hoeveel dringendheid en spoed om in ons eie lewens God te gehoorsaam en te dien? In wese is ons in ons verhouding tot die Here so baie soos ons broeders en susters onder die Ou Verbond. Opstandige klakouse. Ons dink ook maar soos gelowiges deur die eeue dat die oordeel van God eers na ons lewe sal losbreek- in ons tyd sal dit vrede, vrede wees. Maar God wag nie altyd en veral nie op 'n tyd wat ons sal pas nie. Wanneer Sy maat vol is, kom die oordeel. Nahum profeteer dit oor die bloedstad wat weens sy hemelhoë hemelergende sondes die brandende wraak van die Here die Almagtige sal beleef sonder om dit te oorleef.

In ons tyd van globalisering en verdoeming van nasionalisme is Nahum veroordeel as 'n verkramppte eng nasionalis maar juis hierdie laaste hoofstuk kyk baie wyer oor die nasionale Joodse grense na die hele wye wêreld waaroor God regeer. Die vraag vir ons vandag is in elk geval of nasionalisme -van -'n gelowige ooit as sondig en verfoeilik afgemaak mag word. Die Here het ons in 'n bepaalde volk, familie, gesin, kerklike gemeenskap geplaas. Daar is niks mee verkeerd nie. Hy het die grense vir volke gestel en ons binne in die heerlik uitdagende wêreld geplaas met die roeping om te bewaar, bebou en vermeerder. Hy het ons binne 'n bepaalde kultuur geplaas en ons opdrag is om ook daarin te werk om die sondige daaruit te verwyder en die goeie as dankoffer aan die Here te wy, tot eer van Sy Naam en tot seën van ons en ons naaste.

Wee die bloedstad... Daarmee begin hierdie gedeelte van die Godspraak. In die Nuwe Vertaling verval die 'wee' en word dit 'ellende' genoem. Natuurlik is ellende 'n onderdeel van die 'wee' maar net 'n onderdeel. Dit is goed om die vertaling van die Bybel gedurig te bekyk want woorde en begrippe in 'n lewende taal groei en verander of verdwyn. Behalwe dat 'n vertaling werklik 'n vertaling in die moderne taalgebruik moet wees, is daar nog altyd iets soos 'die taal van Kanaän', die 'gewyde' Bybeltaal en so ook die 'kerktaal' wat selfs in die moderne kerklike en persoonlike lewe sy plek kan hê. Daar is moderne begrippe wat heel eenvoudig nie die breedheid en seggenskrag en uitdrukkingsvermoë het soos bekende begrippe in die 'taal van Kanaän' nie – dit kan ons net ryker maak om dit te behou. 'Wee' is 'n woord wat 'n onderdeel is van die 'dodeklag', 'n 'lykied' en dus benadruk dat die lot van Nineve onontkombaar die dood, die absolute ondergang is. Daarom is dit dus baie omvattender en verskrikliker as net 'ellende'. Nineve word allereers gekenskets in haar bloedstollende wreedheid. Iets waar die Assiriërs nogal trots op was en wat met smaak in hulle annale opgeteken was en in hulle muurskilderye verewig is. In koning Assurbanipal se paleis is 'n muurskildering van 'n oorwinningsfees oor die inwoners van Elam met die koning

en koningin afgebeeld aan 'n tafel en daarlangs 'n vrugteboom waaraan die kop van die verslane koning tussen die takke hang. Bloedstad! Bloed word in die meervoud geskryf wat daarop dui dat dit keer op keer met niks ontsiende geweld vergiet is, orals het die gruwelikste bloedspatsels riviere van ellende , van die warm stank van kloppende bloed laat stroom vgl. Jes 10:7, Jona 1:2. Bloed van hulle wat verslaan was op die slagveld maar ook in al die stede wat met geweld of listige bedrog ingeneem is asook die duisende wat vir vermaak van die skares in Nineve vankantgemaak is op 'n 'kleurvolle' verskeidenheid van maniere.

Bloedvergiëting – vanaf die bloed van Abel wat in die grond weggesypel het tot vandag toe. Die 'hoogtepunt' was die bloedstorting deur die enigste Onskuldige ons Here Jesus Christus aan die vloekhout op Golgota. Heilige bloed wat al ons sondes wegwas. Bloed wat deur God so'n kernaspek in Sy Kerk van die eerste offer in Genesis tot Golgota gemaak is. Op Golgota het die reinigende krag van offerbloed sy vervulling ontvang en word dit nooit meer gestort nie want die wyn by die heilige nagmaal is nou die teken en seël van die verskriklike en heerlike bloedstorting deur ons Verlosser. Bloed wat wel deur die navolgers van Christus alle eeue deur gestort is wanneer die handlangers van satan dit op die wreedste maniere laat vloei het. Die wonder daarvan was en bly tot die laaste dag van vervolging dat die bloed van die martelare juis die saad van die Kerk is. Hoe meer die vyand die christene bloedig vervolg, hoe sterker word die Kerk.

Ons verbly ons in ons land dat bloedvergiëting voorkom is deur die politieke omwenteling wat sogenaamd demokrasie gebring het. Ons moet maar onthou dat die allerergste verstarde en wrede kommunisme juis agter die Berlynse skandmuur afgedwing is in 'n staat wat homself die Demokratiese Duitsland genoem het. In ons land is van die president af dwarsdeur die meeste kabinetslede en ryk besigheidslui en almal wat op alle terreine van die lewe 'politieke' poste beklee meesal in kommunisme geskool. Op die oomblik pas dit baie van hulle om hulle kommunisme met kapitalisme te paar omdat dit betalend is maar in wese is hulle kommuniste en gemeng met die 'Animisme' as 'godsdienst' van die voorvaders wat as 'Afrika-renaissance' bemark word kan die wreedste bloedvergiëting baie maklik goedgepraat word. Kommunisme het as kerndeel van die ideologie 'n stralekransie op bloedvergiëting en niks ontsiende geweld geplaas want 'suiwering' is onlosmaaklik deel van die ideologie en daarom sien ons die gedurige rewolusionêre binnegevegte vir leiersposisies. Sonder die voortgaande rewolusie kan kommunisme nie voortbestaan nie. Eintlik is die calviniste die skerpste verstaanders van kommunisme. Al twee is totalitêr en by calvinisme is pleks van voortgaande rewolusie die voortgaande reformasie noodsaaklik. Weens daardie

twee trekke alleen al is daar prinsipiëel geen groter vyande van kommuniste denkbaar as lewende calvinisme. Daarom is dit ook nie moontlik dat 'n belydende christen wat 'n calvinis is ooit by die ANC kan aansluit. Dit is geen wonder dat in die Tweede Wêreldoorlog in Nederland uit die klein persentasie calviniste 'n totaal buite verhouding groot persentasie vryheidsvegters teen die Duitse verdrukkers opgestaan het want hulle was prinsipiëel die sterkste gekant teen die afgodsdienste van nasionaal-sosialisme. Die persentasiegewys tweede grootste groep teen die onderdrukkers was die kommuniste! Calviniste en kommuniste wat saam geveg het op grond van hulle beginsels teen nasionaal-sosialisme.

Geweldpleging is een van die 'geloofsartikels' van kommuniste. Leeuen en bedrog ook. Die ou roomse uitspraak 'die doel heilig die middele' is heel van pas by kommuniste en al die uitvloeiings daarvan wat maar net 'n meer aanvaarbaarder naam kry, iets wat darem beskaafder klink in ons eeu van globalisering. Teenoor al die geweld wat met 'n ideologiese sousie goedgepraat word bely ons in Sondag 40 van ons Heidelbergse Kategismus dat God van ons in die sesde gebod eis 'ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad. Ek moet alle wraaksug laat vaar'. Saam met die wreedheid wat niks en niemand ontsien het nie, gaan die bedrieglike listigheid wat natuurlik gedoop word met die naam van diplomatie of politiek. Met die gesplete tong van 'n slang word vriendskap en heil beloof terwyl die ander deel van die tong reeds vernietigingsbevele gegee het. Ons lees daarvan by Jesaja 36:16-17 waar die rabsake, die generaal van die koning van Assur die HERE Here openlik in Hebreeus beledig sodat die soldate op die mure dit kan hoor en teen Hiskia in opstand kan kom 'moenie dat Hiskia julle op die Here laat vertrou nie' en die mooi broodjies word gebak 'maak vrede met my en kom uit na my toe, dan sal elkeen die vrugte van sy eie wingerdstok en van sy eie vyeboom eet..' Die vyand van God stel dit voor asof hy as bevryder gekom het en dat met hom die begin van die messiaanse vrede aangebreek het. Agter al die van heuningdruppelende woorde lê die ongekende bloeddorstige roofsgedrag. Dit was in die jaar 701 v.Chr. voor die mure van Jerusalem wat die jode dit gehoor het. 'n Hele 2650 jaar later kon die jode dieselfde heuningsoet woorde uit die monde van die Gestapo van die Nazi's hoor om hulle rustig na die treine se veetrokke te laat stap op pad na die oonde in die konsentrasiekampe.

Bloedvergieting en bedrog – daar is niks nuuts onder die son nie. Die wêreldgeskiedenis is en bly daardeur belas tot die Jongste dag toe. Die ellende wat daardeur veroorsaak word verstom ons en tog weet ons dat dit so sal gaan want die

Here het dit in Sy Woord vir ons geopenbaar. As kleingelowige mense vertrou ons maar altyd weer op prinse maar selfs die magtigstes het voete van klei wat gemeng word met strome mensebloed en so al hoe grouer word. Bedrog, verraad..... ook nou nie juis iets wat vreemd is onder die kinders van die Here in Sy Kerk nie. Hoeveel Bybelfigure het nie maar in dieselfde sonde geval nie? Daar is nie net 'n Judas en Annanias en Safira nie maar ook die kerkvader Jakob, die vader na die vlees van Christus naamlik Dawid, die impulsiewe diepgelowige Petrus wat Christus drie keer verloën en wat van myself... Duurgekoopte kinders van Christus wat egter stuk vir stuk ook in sonde ontvang en gebore is. Die Kerk van vandag dus u en ek moet bly luister na die eis van die negende gebod waarvoor ons in Sondag 43 H.K. bely ' ek mag teen niemand valse getuienis aflê, niemand se woorde verdraai nie, 'n kwaadstoker of lasteraar wees nie, niemand onverhoed en ligtelik help veroordeel nie. Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel se eie werk vermy as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring nie. In regsake en in alle ander handelingte moet ek die waarheid liefhê en opreg wees in wat ek sê en bely. My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder.'

Hemelskreiend was die skuld wat Nineve teenoor God en mens opgestapel het en nou kom die oordeel van die kant van die Skepper wat die mens as rentmeester geroep het. Selfs die aankondiging van die afgryflikste bloedstollende voltrekking van die Goddelike oordeel kan nog in aangrypend mooi digterlike taal uitgedruk word: 'swepe klap, wiele dreun, perde jaag, strydwaens vat net hier en daar grond, ruiters galop, swaarde blink, spiese blits. Daar is baie gewondes, hope dooies, ontelbare lyke: mense struikel oor hulle!!' Die volke was met hierdie realiteit gekonfronteer as die Assiriese vyand voor die poorte gekom het, met hierdie werklikheid gaan Nineve en Assur nou self gekonfronteer word.

By die bloedvergieting en listige bedrog noem die Here deur Sy profeet in vers 4 nog 'n verdere grond vir die oordeel. Nineve as aartsbedriegster het soos 'n hoer opgetree. Met die verklaarders in die Statenbybel dink ons dat dit sowel op afgodery as die daarmee gepaardgaande ontug slaan, verleiding tot elke sonde. Dit is maar in die lyn van Spreuke 7 : 26 ' baie is die gesneuweldes wat sy laat val het, en talryk almal wat deur haar vermoor is'. Die verleidelike mooi hoer het deur haar verderflike aanloklikheid volke na haar toe getrek om hulle dan te verslaaf en uit te suig en op die ou end vankant te maak. Baie volke het Assur se guns gesoek, ook in Juda was daar 'n sterk Assiriesgesinde party wat onder Agas en 'n tydlank onder Manasse die oorhand gehad hetook dit is tot vandag toe dieselfde waar wêreldmagte 'n besonderse aantrekkingskrag het. Die politikus het by Assur

geflikflooi terwille van sy militêre mag, die handelaar wou gebruik maak van die handelskontakte met die res van die wêreld. Die hoer het hulle met uiterlikhede en beloftes verlei maar as hulle eers in haar arms gelê het was dit 'n dodelike omhelsing.

Opvallend is dat Calvin dink dat die toorkunste wat die hoer gebruik sinspeel op die liefdes- en minnedrankies waarmee hoere met jongmans se koppe toor. In die Assieriese afgodediens was allerlei sinnelike rites in die vrugbaarheidskultus en in baie gebruik gemaak van spreuke met 'n sogenaamde magiese krag en drankies en allerlei 'fetisje's. Dit het alles 'n magiese krag uitgeoefen op baie mense. Die stadsgodin van Nineve was Ishtar, godin van liggaamlike sinsgenot en oorlogsmag waardeur sy die verleidelikheid van die hoerstad en die niks ontsiende krag van die bloedstad versinnebeeld het.

Verleiding. Onteenseglik die grootste gevaar vir die kerk van Christus deur alle eeue maar veral in omstandighede van voorspoed en uiterlike vrede. Slegs mense wat blind is vir die werk van Koning Christus en die voortgang van Sy kerk deur alle eeue kan nou kerm en piep dat ons in die slegste tye ooit leef. Behalwe in enkele gebiede en dan veral waar moorddadige moslems christene vervolg, is daar wêreldwyd 'n humanistiese verdraagsaamheid teenoor christene. Dit is egter 'n gemengde seën. Waar die bloed van die martelare die saad vir die Kerk is, is uiterlike voorspoed dikwels rede vir bloedarmoede in die kerk. Daar kom so maklik 'n gees van 'gearriveerdheid', van slordigheid, van wêreldgesindheid. Waar in moeilike dae elke krummeltjie voedsel, elke geringe moontlikheid om ongesteurd God te kan dien, elke blyk van aardse geluk as 'n genadegawe uit God se eie Hand beleef word, word in dae van ongebreidelde ekonomiese voorspoed en mediese wonders en oppervlakkige vrede op eie krag vertrou en gebou en God in der waarheid minstens op pensioen geplaas. Voorspoed verlei ons baie makliker as teëspoed en vervolging. Opvallend dat Calvin in omtrent elke gebed van hom die lyn deurgetrek het na die koms van Christus en ons be-erwing van die nuwe hemel en nuwe aarde. Wie van ons dink ooit daaroor?

Calvin was ook geen droë verstarde studeerkamergeleerde, soos wat in ons tyd mode geword het om calvinisme te verdoem en Calvin te teken as iemand wat omtrent elke oggend 'n liter goedkoop asyn moes drink om tog maar suur genoeg te kan wees. Mense wat met die Kerk gebreek het of vaarwel toegeroep het aan die geloofsbeleving van hulle kinderdae en ouers het skynbaar 'n onbeheerbare drang om modder te gooi na dit wat hulle as geloofsuitleving sien en wat hulle as 'calvinisme' sien. Hoe dikwels was ek nie al stomverbaas oor die artistieke vermoë om te pas en te onpas 'calvinisme' by te kom – ongelukkig kon ek dikwels nie eers

van ver-af ‘n verband bemerk met die filmbespreking of toneelopvoering of wat ook al met die venynige afbrekende aanval op iets wat die skrywer as ‘calvinisme’ opdien, snaaks hoe daardie rugdraai op die gods-dienstige opvoeding tog nie rus gee nie.

Om terug te kom tot Calvyn, is dit so duidelik dat hy met altwee voete op Gods’ aarde was en goed geweet het wat in die wêreld gebeur het. By vers 4 sê hy dat ‘alle beraadslagings van die konings – wat hulleself ‘politiek’ noem – deur die Gees van God toorkunste, bedrog en selfs hoeremaniere genoem word.... Wanneer die vorste voorgee dat die wêreld met groot wysheid geregeer moet word en dat alle ryke onmiddellik inmekaar sou stort as daar geen geheime besluite geneem word nie, dan bedek daardie sluier al hulle skandelikhede. Hulle word selfs geprys dat hulle die een bedrieg, die ander voor die gek hou, ‘n derde met bedrog onderdruk. Omdat die vorste weens hulle sluideit geprys word, is dit die rede waarom die profeet die masker afruk waaragter hulle hulle skandelikhede wegsteek. Dit is, sê hy, streke van hoere, toorkunste en bedrog’ ...’Ons sien dat ook in hierdie tyd die vorste, net soos hulle lus is, die hele wêreld verwar en deurmekaar krap....terwyl elkeen sonder om skaam te kry net sy eie voordeel najaag en om eie mag te vermeerder ander oorgee in die hand van hulle vyande. Omdat dit alles vandag nog so gebeur, is dit nie nodig om nog met baie woorde die bedoeling van die profeet te verklaar nie. Was dit tog maar so dat ek moes sukkel om voorbeelde te vind!!’ En vandag?

Nineve wat haar wrede spel met so baie volke gespeel het, sal nou te staan kom teenoor die groot Spelbreker. Die sekerheid daarvan onderstreep die profeet met ‘n Godsspraak dat die vloek van God die hoer sal tref. Daar is geen uitkomkans nie. Sy word op die grofste manier verneder. Soos by ‘n vrou wat owerspel gepleeg het word haar klere uitgetrek vgl Jer 13: 26-27; Eseg 16:18, 23 : 10,29 ; Hos 2 : 2 . Nou weet ek nie of Calvyn se volgende opmerking wel met die werklikheid in sy tyd te doen het nie. Hy sê ‘ hoere lyk immers keurig, en is daarop uit om hulle pragtig en sierlik aan te trek; hulle gaan nie alleen kosbaar aangetrek nie maar gebruik ook skoonheidsmiddels. Deur so opgetof te wees steek hulle hulle skande weg, maar as iemand haar klere bo-oor haar gesig ophig sodat haar skaamte te sien is, dan verdwyn haar bevalligheid en het almal van so’n spektakel ‘n afsku.’ In ons tyd is hoere tog nie keurig aangetrek nie soos ons hulle op straat sien of op die TV. Selfs die vroulikes wat by klubs en derglike gearresteer word is gewoonlik nie juis keurig aangetrek nie – eerder soos goedkoop straatvrouens.

Ons moet baie goed oplet, sê Calvyn, op hierdie vers 5 ‘omdat by die hoë vorste , geen werklike waardigheid gesoek kan word nie, want hulle behoort eerbied te

verdien deur geregtigheid, onkreukbaarheid, goedertierenheid en grootmoedigheid maar hulle munt slegs uit deur lae liste; verder bedrieg hulle skaam-teloos, lieg en sweer vals; ook is hulle vleiers en kruipers wanneer dit hulle pas, hulle weet om hulle orals in te dring en mislei die eenvoudiges met mooi beloftes'... In elk geval is dit duidelik dat die hoerestad Nineve wel opgetof was met al die verblindende geroofde rykdomme maar daar sal niks van oorbly nie. Geld, besit, hoogheid wat die mens van sy verstand beroof word deur God verwerp want al is hulle heersers het hulle geen suiwer oordeel nie maar is hulle verblind deur ydele glans

God straf en niemand kan selfs troos nie.

Assirië het in sy beste jare geweldige prestasies op die oorlogsfront behaal. In 663 vC het koning Assurbanipal die stad No-Ammon of Thebe, die hoofstad van die Farao's ingeneem. Dit was 'n geweldige Egiptiese stad wat deur die groot Griekse skrywer Homerus as die 'stad met honderd poorte' beskryf is. Militêr geweldig versterk en strategies menslikerwys oninneembaar boonop was daar baie en uitgelese sterk bondgenote. Maar Thebe val en die Assiriërs gaan soos wilde bloeddorstige diere te kere sodat selfs die gruwelike slagting ongehoord was met die verpletter van babatjies op al die straathoeke. Die werkwoordsvorm wys op die gedurige herhaling van hierdie barbaarse daad, dit was onmenslike hartstog wat die vernietiging gekenmerk het. Maar het ons nie in die boeke oor ons volk se Groot Trek ook gelees dat die moordenaars van Piet Retief en sy boere die Voortrekkerlaers aangeval het en hulle uitgemoor het en die kinders se koppe teen die wawiele verpletter het? Is dit ook deel van 'n Afrika-rennaissance- of verdraai ons die geskiedenis?

Die lot wat Thebe getref het was verskriklik. In vers 11 sê die Here deur Sy profeet dat Nineve niks beters kan verwag nie. Die vervolger word vervolgd. Die Here het die 'toornbeker' tot die rand toe volgegooi en die bloedstad sal dit tot die laaste druppel toe drink. Stad en inwoners is tot ondergang gedoem.

In die volgende verse word dit duidelik uitgespel dat in pleks van brute krag daar absolute weerloosheid sal heers by die nadering van die vyand. Geen voorbereidings sal enige verskil maak nie. In heilige spot roep die profeet op om tog maar voorbereidings te maak maar selfs die beste voorbereidings is nutteloos. As duidelike feit stel Nahum dat Nineve se handelaars ontelbaar baie was en netso talryk is al die staatsamptenare. So baie soos 'n ontelbare sprinkaanswerm. Maar wat gebeur met 'n sprinkaanswerm wat nog in die voetgangerstadium is? Die een oomblik is die vlerke nog in 'n soort vleuelskede, die volgende oomblik vervel hulle en as jy jou oë uitvryf is hulle skoonveld, weg en niemand weet waarheen nie. Netso sal die ontelbaar baie inwoners van Nineve in 'n ommesientjie verdwyn,

niemand kon op hulle reken nie, niemand weet wat van hulle geword het nie. Dieselfde sal gebeur met soldate, bevelhebbers, die hele staatsapparaat.

Met 'n spotlied sluit die profeet sy profesie, sy oordeelsaankondiging oor Nineve. Maar nou kyk hy wyer want nou gaan dit oor die blydschap van allerlei volke wat hoor dat Nineve nie meer is nie en dat daar geen sprake is van herstel nie. Hulle wat hulle een en 'n halwe eeu lank aan die volke van die wêreld vergryp het, se boosheid is gewreek.

Toepassing....

Al kom daar by die behandeling van 'n Bybelgedeelte altyd wel tussen die teks deur 'n toepassing, is dit by die behandeling van 'n boek van een van die profete wel dikwels nodig om samevattend weer by 'n toepassing uit te kom. Profetiese stof het sy eie karakter en moet in die lig daarvan verklaar word. Nahum is allereers 'n profeet maar daarby 'n digter wat as letterkundige 'n koning onder die profete is. Die geweldig lewendige beskrywings van die oorlogsgeweld wat Nahum met sy geestesoë sien is uniek en dit koppel hy aan omskrywende beeldspraak.

Maar die profeet is allereers profeet, hy gebruik sy digterlike gawes om profetiese die openbaring van God oor te dra. Uitteraard kan weens die digterlike 'verpakking' en die beeldspraak alles nie letterlik opgeneem word nie. Die woord beeldspraak sê tog al dat dit nie letterlike spraak is nie. Dan is daar ook die soms digterlike oordrywing wat die ryke verskeidenheid beelde verder verryk. Ons moet dus oplet na wat die bedoeling in die bepaalde verband is. Selfs dan moet ons dikwels kies tussen verskillende verklarings. Maar die belangrikste is dat dit nie so belangrik is dat dit die saligheid van enige leser kan bedreig nie. Die hoofsaak kan ons onteenseglik volg en verstaan, oor klein bysakies kan daar verskillende menings aangebied word wat dan in elk geval eerder lewendigheid gee as verveling.

Veral in die boek Nahum kom die vraag na die vervulling van die profesie aan die orde. Dit is van belang omdat die Heilige Skrif 'n verband tussen beide lê. Ook hier geld dat ons die hoofsaak kan raaksien en dat daar verskille is oor die bysaak. In ons land is dit nogal maklik om 'n aspek van profesie te verduidelik. Ons land is ryk aan bergreekse en wanneer u van vèraf 'n bergreeks sien dan vloei dit alles teen die horison in 'n lyn saam. Alles lyk een geheel. Dit is glad nie so nie, die een bergtop kan voor lê terwyl die ander tientalle of selfs 'n honderd kilometer verder weg lê. Dit lyk egter van die plek waar u staan asof dit een geheel is. So is dit met profesie. Die profeet sien wat in die toekoms deur God gedoen sal word en dan

sien hy gebeure naby soos die naaste berg van die bergreeks maar wat miskien 'n honderd of wat jaar later sal gebeur sien hy as saamverbind met dit wat binnekort eerste gaan gebeur.

Profesie is dus nie die noem van feite wat in die geskiedenis gaan gebeur in 'n mooi kronologiese volgorde agtermekaar in 'n rytjie opgesê nie. Verder kan geskiedenisfeite maar net een keer gebeur terwyl profesie op verskillende tye verskillende kere kan gebeur.

Hoe het dit nou 'n verband met die vervulling van die profesie van Nahum? Die hoofinhoud van hierdie profesie is dat God Sy oordeel oor Nineve vasbesluit het en dat dit beslis gaan kom. Dit is presies wat gebeur het in die jaar 612 vC. Die profeet sê dat God die bloedstad volkome sal vernietig sodat sy plek nie gevind kan word nie. Dit is presies wat gebeur het – vir 2454 jaar lank was sy plek nie meer te vind nie. Die vyand van God se Kerk was weggevee. God het Assur gebruik om Sy kerkvolk te straf, 'n verskriklike oordeel maar toe die oordeels-voltrekker self teen sy Meester hom verhef het, is sy vonnis deur die Koning gevel.

Het die profesie oor Juda en Israel letterlik punt-vir-punt in vervulling gegaan? Nee – weer nie letterlik nie en waar dit wel vervul is dan ook oor 'n tydperk en verskillende kere. Die troos wat Nahum in opdrag van God mag bring is vervul veral in die tyd van Josia maar ook met die terugkeer uit die Assiries-Babiloniese ballingskap en met die latere val van die Babiloniese wêreldryk en met die koms van Christus en dit sal sy heerlike vervulling met die Wederkoms van Christus beleef.

Nineve was die wêreldmag wat met sataniese bloeddors hom verhef het teen God en teen Sy Kerk. Nineve is nie alleen die naam van 'n stad wat 'n vir ons gevoel onwerklike eeue lange tyd gelede bestaan het nie, dit is 'n tipe, 'n voorbeeld van alle goddelose, brute heerssugtige allesverheffende en verpletterende magsstrewes. Na Nineve het die een na die ander wêreldmag gekom, geblink en versink soos bepaal in God se raad. Elke keer het 'n hemelbestormende ideologie opgekom en is dit deur God platgeslaan en so sal dit bly gaan. Die een na die ander ou kettery sal in 'n nuwe en dikwels bloed-rooi baadjie opkom en verdwyn tot op die Jongste Dag. Netsoos die Here Nineve van die kaart gevee het, sal Hy op Sy tyd en Sy manier met alle opstandige mag afreken. Die heerlijkheid van die Messiaanse Ryk sal kom. Daardie Klip wat daardie ander profeet Daniël sien loskom het, vermorsel alle aardse ryke en die hele aarde volmaak.

Dit is nie die omstandighede waarin Nahum geleef het wat sy profesie en gedagtes beheers nie maar sy geloof in die troue Verbondsgod wat die Bose en sy helse magte vernietig. Daarom kan hy in God se Naam troos bring in omstandighede wat

werklik geen ruimte vir troosvolle hoop op toekoms en bevryding gee nie. Troos wat ons en alle lesers deur die eeue ontvang dat geen mag ter wêreld iets kan doen teen die wil van God nie, Hy regeer, alle mag sal die pad van Nineve gaan – Die HERE Here is die regverdige Wreker wat in Nineve se roemlose ondergang ‘n voorspel op die eindoordeel laat sien. Dan sal God Sy oordeel laat losbars oor al die volke en magtiges van die aarde wat Sy Kerk vervolg, die Evangelie verag, die wet van God vertrap en die eer van God skandelik geskend het.

Die lydende Kerk van Christus mag troos put uit die wete dat die groot Babilon, die ‘moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde’ Op 17:5 sal val terwyl konings, sakemanne, en seelui huil omdat hulle die permanente val nie kan keer nie maar groot sal die blydschap wees van gelowiges, hemel, heilige apostels en profete. Op 18 e.v.

Netsoos Juda opgeroep is om haar feesdae te vier 1:15 bly daar vir die gemeente van Christus altyd rede en opdrag om fees te vier in die sekerheid dat ons Koning ons vooruitgegaan het na die troon nadat Hy ook vir ons alles voorberei het sodat ons saam met Hom tot in ewigheid sal regeer.

Nahum doen sy naam eer aan want hy troos en wys heen na die Trooster wat alle ellende en tranes wegneem.

Die HERE is goed,

Hy is ‘n toevlug in tyd van nood’

Hy sorg vir dié wat by Hom skuil. 1 : 7

(Onder die geraadpleegde werke is Kommentare van Calvyn, J. Ridderbos – De Kleine Profeten, P.A. Verhoef – Krisiswoorde in Krisistye, T. Laetsch – Minor Prophets, P. Lok- De Kleine Profeten, A.S. van der Woude- Jona en Nahum).